

DIE ANALISE EN INTERPRETASIE

VAN DIE

KOSTE-, WINS- EN VERLIESSTATE

VAN ONDERNEMING A.

DIE ANALISE EN INTERPRETASIE

VAN DIE

KOSTE-, WINS- EN VERLIESSTATE

VAN ONDERNEMING A

d e u r

LEENDERT JACOBUS NIEMAND, HONNS. B.COMM. (P.U.)

Skripsie aangebied ter gedeel-
telike voldoening aan die ver-
eistes vir die graad:-

MAGISTER COMMERCII

(KOSTEBEREKENING)

in die

Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

VIR

CHRISTELIKE HOER ONDERWYS

Onder leiding van Prof. Dr. A.J.E. Sorgdrager.

Potchefstroom,
Januarie 1968.

Opgedra aan my vrou Ria, vir haar aanmoediging, asook vir die opofferings gemaak en die geduld beoefen gedurende my studie.

VOORWOORD.

Aan Hom, deur Wie se genade, ek geestelik en liggaamlike gesondheid kon geniet het in die vervulling van my pligte, al die eer.

Prof. Dr. A.J.E. Sorgdrager, wie as leier vir my soveel beteken het, kom toe al die lof vir die inspirerende leiding, wat hy ten alle tye aan my gegee het. In hom is gevind die nodige aansporing vir die voltooiing van die skripsie. Dit is beslis 'n baie groot voorreg om onder sulke bekwame leiding 'n taak te voltooi.

My opregte dank aan prof. dr. J.H. Els vir sy ondersteunende idees en opoffering gemaak, om my die nodige besieling te gee vir die voltooiing van hierdie skripsie.

Aan mnr. H.J. Swanepoel vir sy raad en bemoedigende woorde, ook baie dankie.

Aan juf. M.M. Nel 'n spesiale woord van dank vir haar geduld en knap tikwerk, asook aan juff. M. van Wyk en S.C Uys vir hul bystand verleen.

Aan die personeel van die Ferdinand Postma - biblioteek my innige dank vir hul onmisbare hulpvaardigheid verleen. 'n Woord van dank aan mnr. W.T. Rudling vir sy opofferings.

Ek is ook baie dank verskuldig aan mnr. C.J.E. Estherhuizen vir die taalkundige versorging en waardevolle aanbevelings.

Ten slotte 'n spesiale woord van dank aan die direkteure van Onderneming A vir die toestemming verleen aan mnr. H.C. Swanepoel, gekwalifiseerde rekenmeester, om my met die nodige gegewens te voorsien. My opregte dank aan hóm wat telkemale moes tyd afsonder om my van gegewens te voorsien. Sy waardevolle hulp en aanbevelings sal onthou word.

L.J. NIEMAND.

Potchefstroom,
Januarie 1968.

INHOUDSOPGAWE.Bladsy.

VOORWOORD	iv
LYS VAN AANHANGSELS	xi
<u>INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING</u>	1
1. Algemeen	1
2. Doel en belangrikheid van ondersoek	2
3. Indeling van ondersoek	3
 <u>HOOFSTUK I</u>	
<u>TERMINOLOGIESE VERANTWOORDING</u>	7
1. Inleiding	7
2. Definisies	7
a. Vaste koste	7
b. Veranderlike koste	8
c. Kosteberekening	8
d. Finansiële rekeningkunde	9
e. Wins	9
f. Verlies	10
g. Koste	10
h. Uitgawe	10
i. Balansstaat	11
j. Wins- en verliesrekening	11
k. Bron en aanwending van fondsestaat	11
l. Nettoverkope	12
m. Gemiddelde invorderingsperiode	12
n. Bedryfskapitaal	12
o. Bedryfsbates	12
p. Bedryfslaste	13

INHOUDSOPGAWE (Vervolg).

q. Vaste bates	13
r. Gefundeerde laste	13
s. Aandeelhoudersbelang	13
t. Oorkapitalisasie	14
u. Onderkapitalisasie	14
v. Verhoudings	14
i(i) Bedryfskapitaalverhouding	14
(ii) Likiedeverhouding	14
(iii) Bedryfslaste tot aandeelhoudersbelang ..	15
(iv) Totale laste tot aandeelhoudersbelang ..	15
(v) Langtermynlaste tot bedryfskapitaal ...	15
(vi) Vaste bates tot aandeelhoudersbelang ...	15
(vii) Voorraad tot nettoverkope	15
(viii) Nettoverkope tot aandeelhoudersbelang ..	16
(ix) Nettoverkope tot bedryfskapitaal	16
(x) Voorraad tot bedryfskapitaal	16
(xi) Brutowinsverhouding	16
(xii) Nettowinsverhouding	16
(xiii) Voorraad tot omsetverhouding	17
(xiv) Vergoeding op totale fondse	17
(xv) Vergoeding op eienaarsfondse	17
3. Algemeen	17

HOOFSTUK II.'N KORT OORSIG VAN DIE ANALISE EN INTERPRETA-

<u>SIE VAN FINANSIËLE STATE</u>	18
1. Inleiding	18
2. Redes vir analise	20

(i) Langtermynkredietverskaffer	21
(ii) Bankier	21
(iii) Aandeelhouer	22
(iv) Bestuur	22
3. Interpretasie van verhoudings	23
4. Beperkings van verhoudingsanalise en finansiële state	25
5. Algemeen	26

HOOFSTUK III.

<u>ONTSTAAN EN GESKIEDENIS VAN ONDERNEMING A.</u>	28
1. Inleiding	28
2. Ontstaan	28
3. Ontwikkeling	29
4. Organisasie	30
<u>Pligte</u>	30
a. Direkteure	30
(i) Eerste direkteur	31
(a) Korrespondensie	31
(b) Lone	31
(c) Debiteure	31
(d) Krediteure	31
(e) Bestellings	31
(f) Personeel-kontrole	32
(ii) Tweede direkteur	32
(a) Tenders	32
(b) Werkswinkel	32
(c) Materiaal	32
(d) Distribusie	32
b. Blanke werknemers	33
c. Nie-Blanke werknemers	33
5. Algemeen	34

HOOFSTUK IV.

<u>FINANSIËLE ANALISE VAN DIE STATE VAN ONDERNEMING A</u>	35
1. Inleiding	35
2. Balansstaatverhoudings	36
a. Bedryfskapitaal	36
b. Likiede	38
c. Bedryfslaste - aandeelhouersbelang	40
d. Totale laste - aandeelhouersbelang	41
e. Langtermynlaste - bedryfskapitaal	42
f. Vaste bates - aandeelhouersbelang	43
g. Nettoverkope - voorraad	44
h. Voorraad - bedryfskapitaal	45
i. Nettoverkope - aandeelhouersbelang	46
j. Nettoverkope - bedryfskapitaal	47
3? Inkomstestaatverhoudings	48
a. Brutowins	48
b. Nettowins	50
c. Voorraad-omset	50
4. Inkomste - Balansstaatverhoudings	51
a. Vergoeding op totale fondse	51
b. Vergoeding op eienaarsfondse	52
5. Bron en aanwending van fondsestaat	55
a. Inleiding	55
b. Begrip fondse	56
c. Opstelling van staat	57
d. Resultaat	58

HOOFSTUK V.

<u>'N UITGAWE-ANALISE EN DIE BEPALING VAN KOSTE VAN GOEDERE VERKOOP VANUIT DIE STATE VAN ONDERNEMING A.</u>	60
1. Inleiding	60
2. Koste en Uitgawes	60
3. Uitgawe-analise	62
a. Materiaal en lone	63
b. Direkteurssalarisse	63
c. Huur	64
d. Onderhoudskoste	65
e. Rente	66
f. Versekering	66
g. Waardevermindering	67
h. Diverse	68
4. Kosterekords	70
a. Koste van goedere verkoop	70
b. Vergelyking tussen finansiële- en koste beskouing van koste van goedere verkoop	72
c. Belangrikheid van 'n kostesisteam	73
d. Algemeen	74

HOOFSTUK VI.

<u>GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS</u>	75
<u>ENGLISH SUMMARY</u>	79
<u>STELLINGS</u>	80
<u>BIBLIOGRAFIE</u>	95

LYS VAN AANHANGSELS.

	<u>Bladsy.</u>
A. Beknopte opsomming van balansstaat	81
B. Bedryfsrekening	82
C. Wins- en verliesrekening	83
D. Verdelingsrekening	84
E. Detail balansstaat gegewens	85
F. Bron en aanwending van fondsestaat	86
G. Opsomming van verhoudings en interpretasies	87
H. Opsomming van verhoudings	88
I. Koste, meerverbruik en verspillings	89
J. Staat van koste van goedere verkoop	90
K. Staat van inkomste	91
L. Vervaardigings en oprigtingskoste	92
M. Verkoops- en administratiewe koste	93
N. Koste anders as verkoops- en administratiewe koste	94

INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING.1. Algemeen:

In vergelyking met die finansiële rekeningkunde, is kosteberekening 'n relatief moderne ontwikkeling. Dit is eers gedurende die huidige eeu dat daar aandag aan die tegniek van kosteberekening geskenk is.

In die verlede is die opstelling van 'n balansstaat en 'n wins- en verliesrekening as voldoende beskou om sodoende 'n bestuur in staat te stel om die finansiële posisie van die onderneming te bepaal. Ons vind egter dat moderne bestuur iets meer verlang. Hulle verwag besonderhede van koste en ander statistiese inligting wat hulle in staat sal stel om nie alleen die doeltreffende departemente asook die winsgewende en onwinsgewende produkte te onderskei nie maar ook om swak en goeie resultate na die individuele bestuurders wat daarvoor verantwoordelik was, te herlei. Die daarstelling van sodanige informasie is die funksie van die kosteberekening. As gevolg van die geweldige toename van nywerhede in Suid-Afrika het die status van kosteberekening ook geweldig toegeneem (vgl. onder andere die totstandkoming van die Nasionale Raad vir Kosterekenmeesters, soos ingestel in 1964 deur die Minister van Onderwys Kuns en Wetenskap, Senator J. de Klerk).

Kosteberekening het in die beginstadium van ontwikkeling hoofsaaklik te doen gehad met fabriekskoste vir die waardering van voorrade, wins- en prysbepaling.

Hierdie is nog steeds belangrike aspekte van kosteberekening, maar die veld het uitgebrei na gebiede soos kostekon-

trole, begroting en kostebepaling vir 'n verskeidenheid van bestuursgebruike en is vergroot om administratiewekoste en distribusiekoste in te sluit. Alhoewel kosteberekening baie vertakkings het, is die sentrale tema tog die voorsiening van informasie ten opsigte van koste, wat waardevol is vir die kontrolering van sakeaktiwiteite.

Die begrip kosteberekening word soos volg gedefinieer deur R.W. DOBSON, (-An introduction to cost accountancy-, Gee ' Co., London, Deel II, 1954, p.12).

"The process of accounting for cost which begins with the recording of income and expenditure, or the basis on which they are calculated, and ends with the preparation of statistical data."

Daar is verskeie redes waarom 'n onderneming 'n kostesistiem moet hê. SORGDRAGER en VILJOEN (-Leerboek van die moderne kosprysadministrasie), Ajax, Potchefstroom, Deel 1, 1962, p.4) voer die volgende redes aan:

a. Die bepaling van die koste van materiaal, arbeid en bedryfskoste aangegaan vir 'n spesifieke taak, of vir 'n bepaalde proses, of vir 'n eenheid of groep eenhede vir bestuurskontrole en rapporte.

b. Nadat die eenheidskoste bepaal is, is dit vir die bestuur moontlik om dit te bestudeer en te analiseer met die doel om dit te verminder.

c. Die produksie-eenheidskoste is 'n maatstaf vir die bepaling van die verkoopsprys.

d. 'n Doeltreffende kosteberekeningstelsel vergemaklik die voorbereiding van rapporte vir bestuursbesluite.

In die vervaardiging van goedere is die basiese elemente van kosteberekening die materiaal, arbeid en bokoste teenwoordig, en hul waarde moet vasgestel word. (Vgl. SORGDRAGER en VILJOEN, op.cit, Deel II, p.44).

"J.J.W. NEUNER en S. FRUMER (-Cost accounting principles and practice - R.D. Irwin, Illinois, 1967, p.3) definieer kosteberekening soos volg:
"Cost accounting is therefore an expanded phase of the general or financial accounting of a business concern, which provides management promptly with the cost of producing or selling each article or of rendering a particular service."

Ten laaste kan genoem word dat rekeningkunde verdeel kan word in finansiële rekeningkunde, bedryfsrekeningkunde en ondernemersrekeningkunde.

2. Doel en belangrikheid van die ondersoek:

In hierdie skripsie is die doel om die finansiële rekeninge van Onderneming A te analiseer en te interpreteer om sodoende die winsgewendheid asook die bestuursdoeltreffendheid te bepaal. Onderneming A het geen kostestelsel tot hul beskikking nie, met die gevolg dat 'n behoorlike kosteanalise nie gemaak sal kan word nie. 'n Deeglike interne analise sal gemaak word (sien hoofstuk II waar dit verder uiteengesit sal word).

Om egter genoemde doelstellings te bereik, sal daar van verskeie metodes gebruik gemaak word waarvan 'n finansiële analise en 'n offer- of uitgaweanalise van die state die belangrikste sal wees.

Periodieke verslae aan bestuur oor alle koste en inkomste-aspekte sal beïnvloed word deur die rekeningkundige periode. Gegewens moet so gou moontlik aan bestuur voorsien word, so-

dat enige afwykings onmiddellik geanaliseer en reggestel kan word. Indien kostegegewens gereeld oor kort periodes aan bestuur voorsien word, sal dit daartoe bydra dat die maksimum wins verdien kan word, aangesien die nodige stappe gedoen kan word om 'n herhaling van onnodige koste te voorkom.

'n Rekeningkundige periode bestaan uit die volgende:

	(i) 'n kalendermaand	31
x	(ii) ander	21
	(iii) 13 periodes, vier weekliks.	5
	(i) + (ii)	1
		<hr/>
		58
		<hr/>

x Ander.

	'n Variasie van 'n maandelikse periode	
	ode	7
	4,4,5 weke = 13-weekkwartaal	4
	Dertien-weekkwartaal	4
	Kwartaalliks	2
	4 en 5 weke-periodes	2
	48-weekjaar, jaarlikse vakansie	
	uitgesluit	1
	Jaarliks	1
		<hr/>
		21
		<hr/>

(J.H. ELS, - The application of standard costs in certain South African industries - Potchefstroom, 1963, p.197).

Wat die finansiële analise betref, sal verskeie erkende formules gebruik word om die finansiële toestand van die

onderneming te ontleed. Om egter so 'n analise te maak, is dit nodig dat die ontleding uitgebrei word na die balansstaat aangesien die wins-en-verliesrekening maar 'n beperkte hoeveelheid gegewens bevat.

In die geval van Onderneming A is dit nie moontlik om enigszins 'n behoorlike kosteanalise te maak nie. 'n Behoorlike kosteanalise beteken dat waar 'n onderneming produkte vervaardig in 'n rekeningkundige periode, daar afsonderlike kosterekenings van elke produk gehou moet word. 'n Analise is dan moontlik deur die koste van produk A in een periode te vergelyk met die koste van dieselfde produk in 'n ander rekeningkundige periode of selfs met produk B. Enige variasies kan dan onmiddellik ontleed en reggestel word.

In die geval van Onderneming A is sulke rekeninge nie gehou nie. 'n Analise van die state om bestuursdoeltreffendheid te meet, is dus die belangrikste maatstaf. 'n Uitgaweanalise sal wel gemaak word in die sin dat elke uitgaweitem in die wins-en-verliesrekening in terme tot die netto verkope uitgedruk sal word en redes vir moontlike styging of daling sal opgeklaar word.

Weinig literatuur het al verskyn oor die analise en interpretasie van koste-, wins- en verliesstate. Sover bekend, bestaan daar egter geen literatuur wat spesifiek handel oor die onderwerp wat in hierdie skripsie behandel sal word nie. J.H. ELS in sy proefskrif: Die bepaling van die wins-en-verlies-kruispunt van mielieopberging by koöperasies met spesiale verwysing na die Sentraal-Westelike Koöperatiewe Maatskappy Beperk, Potchefstroom 1959, het gedeeltelik die onderwerp behandel.

3. Indeling van die onderwerp:

In Hoofstuk I sal daar 'n terminologiese verantwoording wees van die begrippe wat in die skripsie behandel sal word.

In Hoofstuk II sal kortliks verduidelik word wat verstaan word onder interne en eksterne analise, die doel waarvoor en vir wie state geanaliseer word, asook die interpretasie en beperking van finansiële state.

In Hoofstuk III sal die ontstaan en geskiedenis van die onderneming onder oorsig bespreek word.

In Hoofstuk IV sal 'n finansiële ontleding van die state gemaak word om die stabiliteit van die onderneming te bepaal wat terselfdertyd vir ons 'n idee sal gee van die doeltreffendheid van bestuur.

In Hoofstuk V sal 'n uitgawe- of offeranalise gemaak word met die doel om weer eens die doeltreffendheid te bepaal. Weens die feit dat Onderneming A oor geen kostestelsel beskik nie, sal die gevallestudie in hierdie geval as 'n uitgaweanalise beskou word, in die sin dat uitgaweitems of groepuitgaweitems in die wins-en-verliesrekening in verhouding tot die netto verkope uitgedruk word.

Ten slotte sal 'n samevatting en gevolgtrekking gemaak word.

HOOFSTUK I.

TERMINOLOGIESE VERANTWOORDING.

1. Inleiding.

Dit is nodig dat sekere begrippe of sinsnedes behoorlik omskryf moet word, met ander woorde, 'n definisie moet gegee word. Hierdie definisies gee meer betekenis en waarde aan 'n enkele woord.

In hierdie skripsie is daar ook gebruik gemaak van sekere begrippe wat beter verstaan sal word indien dit behoorlik gedefinieer word. Die definisies en hul formulering is hoofsaaklik gegrond in die van verskeie outeurs.

Geen spesifieke volgorde sal gehandhaaf word nie.

2. Definisies.

In die skripsie, waar 'n ontleding en analise van Onderneming A se state gemaak word, is gebruik gemaak van die volgende terme wat 'n veruere woordomskrywing verlang:

a. Vaste koste.

Hieronder word in die algemeen verstaan koste wat nie geafekteer word deur die variasie in die volume omset nie. Daar bestaan egter verskeie menings oor 'n behoorlike definisie vir vaste koste. In sommige gevalle word die begrip „vas" geheg aan 'n bedrag eerder as om dit in verwantskap met veranderings in volume omset te bring. Gewoonlik, en veral vir marginale kostedoeleindes, word vaste koste as vas beskou in verhouding tot volume en hierdie bedrag van koste verander van tydperk tot tydperk en nie as gevolg van volume nie.

C.T. HONGREN, (-Accounting for management Control : an introduction -, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1965, p.164) definieer vaste koste soos volg:
 "A fixed cost is fixed only in relationship to a given period of time - the budget period - and a given, though wide range of activity called the relevant range".

W. KILGER (-Der theoretische aufbau der kostenkontrolle in : Zeitschrift für Betriebswirtschaft-, 1959) gaan van die standpunt uit dat vaste koste is koste wat konstant bly totdat 'n bestuursbeleid 'n verandering mag teweegbring.

b. Veranderlike koste.

'n Veranderlike koste is een wat neig om direk te verander met fluktuasies in die volume omset. Indien 'n verandering in volume 'n verandering in die bedrag van 'n spesifieke koste element teweegbring, dan is die element 'n veranderlike koste.

J.J.W. NEUNER en S. FRUMER, (op cit., p.222) definieer veranderlike koste as daardie koste wat in dieselfde mate en gewoonlik proporsioneel met die volume van produksie fluktureer.

S.A. TUCKER, (-The break-even system : as tool for profit planning-, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1965, p.4) gaan van die standpunt uit dat veranderlike koste vir prysbepalingdoeleindes ook beskou kan word as kontant-koste, met ander woorde daardie koste wat alleenlik ontstaan indien 'n produk vervaardig of verkoop word.

c. Kosteberekening.

In die algemene inleiding en probleemstelling is hierdie begrip reeds gedefinieer.

C.B. NICKERSON, (-Managerial cost accounting and analysis-, McGraw-Hill, Inc., 1962, p.1) meld dat in die ontwikkelingsstadium van kosteberekening daar baie aandag gegee is aan fabriekskoste vir doeleindes van voorraad-, wins-en prysbepaling. Die omvang het egter uitgebrei na kostekontrolle, begroting en kostebepaling. Volgens hom is die sentrale tema, die verskaffing van informasie wat waardevol is vir die kontrolering van sakeaktiwiteite.

SORGDRAGER EN VILJOEN (op cit., p.3) sê dan ook te reg dat „ten spyte van verbeterde tegnieke wat deur 'n verandering in saketoestande teweeggebring is, die finansiële rekeningkunde so beperk is ten opsigte van inligting wat aan bestuur voorgelê moet word dat die sakemense gedurende die afgelope 35 jaar begerig geraak het om bykomende rekenkundige metodes, bekend as kosteberekening, te verkry.”

Kosteberekening is vandag seker die vakgebied wat die meeste byval vind op alle vlakke van sakeaktiwiteite.

d. Finansiële rekeningkunde.

Finansiële rekeningkunde is die boekstaving van alle finansiële verskynsels in die vorm van inskrywings in die kasboek, hulpboeke en die grootboek. Vanuit hierdie gegewens word daar aan die einde van elke finansiële periode 'n handels-wins-en-verliesrekening asook 'n balansstaat opgestel wat die finansiële resultate van die onderneming in 'n opgesomde metode aan bestuur verskaf (eie waarneming).

e. Wins.

'n Eenvoudige en direk verstaanbare definisie van wins is die verskil tussen inkomste en uitgawes. Daar moet egter in ge-

dagte gehou word dat daar twee tipe winste is, naamlik die bruto- en die nettowins. Onder brutowins word verstaan die verskil tussen verkope en veranderlike koste, terwyl nettowins die verskil is tussen brutowins en vaste koste.

R.A. FOULKE (-Practical financial statement analysis-, Kogakusha, Tokio, 1961, p.504), definieer brutowins as, "gross profit is derived by deducting the cost of goods sold from the amount of net sales." Dieselfde skrywer definieer nettowins as "after the deduction of cash discounts earned and given and interest charges, a figure of net profit or loss from the normal operations of a business enterprise is obtained".

Die finale wins of verlies word verkry na aftrekking van enige voorsiening vir belasting betaalbaar, maar nie diwidende nie.

f. Verlies.

Verlies is die omgekeerde van wins. Deur dieselfde definisies te gebruik as onder punt (e), kan verliese beskou word as die negatiewe resultate in alle gevalle.

g. Koste.

Koste is waarde-eenhede wat aan die produksie opgeoffer moet word om nuwe waardes te kan verkry. Waarde en koste vorm die kritiese maatstaf van die doelmatigheid van die ekonomiese handeling (vgl. A.J.E. SORGDRAGER, - Kosprysberekening en -tegniek-, Nasou Beperk, p.62).

h. Uitgawe.

Uitgaweprys volgens A.J.E. SORGDRAGER, (op cit., 65) "is die bedrag wat materiaal, arbeid en bokoste op die moment van aanskaffing en aanname vorm". Hiermee word volkome saamgestem.

Vir doeleindes van die skripsie word die koste-items in die wins-en-verliesrekening beskou as uitgawes omdat dit nie bekend is watter bedrag as verspillings beskou kan word nie.

i. Balansstaat.

Rekenmeesters probeer om die belangrikheid van die balansseereienskap van die balansstaat agterweë te laat en die funksie van die posisie van die bates, laste en aandeelhoudersbelang oor te beklemtoon. Daar kan egter nie met J.N. MYER, (-Financial statement analysis-, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, p.71) saamgestem word as hy beweer dat die naam balansstaat deur die term posiesiëstaat vervang kan word nie.

H.G. GUTHMANN, (-Analysis of financial statements-, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, p.26) definieer 'n balansstaat „as the dual financial picture of an enterprise, depicting, on the one hand, the properties that it utilizes, and on the other hand, the sources of those properties.

Met hierdie siening word daar volkome saamgestem.

j. Wins-en-verliesrekening.

Vir 'n behoorlike definisie van bogenoemde begrip, word heelhartig saamgestem met H.G. GUTHMANN, (-op cit., p.46) as hy sê dat 'n wins-en-verliesrekening daardie transaksies uitsonder en opsom waarin daar 'n wins of verlies vir die eienaars is. So 'n staat is 'n historiese rekord van finansiële gebeurlikhede in die verlede.

k. Bron en aanwending van fondsestaat.

Hierdie staat toon die verandering wat plaasgevind het tussen

twee verskillende rekeningkundige periodes. Die bronne sowel as aanwending van fondse word duidelik weerspieël in hierdie besondere staat (eie waarneming).

l. Netto verkope.

Dit is die geldwaarde van die volume omset wat gedurende 'n sekere periode plaasgevind het, nadat die nodige regstellings gemaak is vir terugsendings, toelaes en diskonto (eie waarneming).

m. Gemiddelde invorderingsperiode.

Dit is die aantal dae wat die totaal van die handelsrekeninge en wissels ontvangbaar, min voorsiening vir oninbare skulde, verteenwoordig indien dit met die jaarlikse kredietverkope vergelyk word (vgl. R.A. FOULKE, op cit., p.643).

n. Bedryfskapitaal.

Bedryfskapitaal is daardie bedrag wat verkry word indien die bedryfslaste afgetrek word van die bedryfsbates. Die bedryfskapitaal is 'n aanduiding van die finansiële posisie van die onderneming (eie waarneming).

o. Bedryfsbates.

Dit is die totaal van alle kontant, debiteure, en ontvangwissels wat ontstaan het uit die verkoop van goedere, minus alle reserwes vir oninbare skulde, voorskotte op goedere, voorraad min enige reserwes, sekuriteite wat nie die markwaarde oorskry nie, staat- en munisipale lenings onder markwaarde. (R.A. FOULKE, op cit., p.643).

p. Bedryfslaste.

Onder bedryfslaste word ingesluit alle skulde betaalbaar binne twaalf maande na datum van die state; plus ook nog bedryfsbetalings op serie-obligasies, verbande, obligasies en ander langtermyn skulde. Hierdie item sluit ook bedryfsreserwes in soos brutoreserwe vir inkomstebelasting en bedrae eenkant gesit vir onverwagte gebeurlikhede. Dit het egter niks te doen met reserwe vir waardevermindering nie. (R.A. FOULKE, op cit., p.643).

q. Vaste bates.

Die vaste bates is die som van die kosprys of waardasiewaarde van grond, asook die gedeprisieerde waarde van geboue, meubels en toerusting, masjinerie en gereedskap, voertuie en uitrusting. Dit is items waarvan die kontantwaarde nie so groot is as die van bedryfsbates nie (R.A. FOULKE, op cit , p.643).

r. Gefundeerde- of langtermynlaste.

Dit is die som van verbande oor eiendom, lenings, obligasies en serie-obligasies waarvan die vervaldatum 'n langer termyn as twaalf maande het (R.A. FOULKE, op.cit , p.643).

s. Aandeelhoudersbelang.

Die totaal van die uitstaande sowel as opbetaalde gewone en voorkeuraandele, surplusinkomste en onverdeelde winste minus enige ontasbare item in die bates, soos klandisiewaarde, asook onderskrywersdiskonto en uitgawes, vorm die aandeelhoudersbelang (R.A. FOULKE, op cit., p.643).

t. Oorkanitalisasie.

Gewoonlik word gesê dat 'n sake-onderneming oorgekapitaliseer is, as die inkomste te klein is om 'n billike vergoeding op die kapitaal te gee (eie waarneming).

u. Onderkapitalisasie.

In hierdie geval is die kapitaal van die onderneming minder as die gekapitaliseerde winsvermoë van die onderneming, wat meebring dat die winsvermoë groter en buite verhouding met die kapitaal is (eie waarneming).

v. Verhoudings.

Verhoudings word verkry deur een item uit te druk in terme van 'n ander item. In die analise en interpretasie van die state van Onderneming A is daar gebruik gemaak van verskeie sulke verhoudings om die nodige afleidings en gevolgtrekkings te kan maak.

i. Bedryfskapitaalverhouding.

Hierdie verhouding word verkry deur die totale bedryfsbates te deel deur die totale bedryfslaste en word gewoonlik aangedui as 'n verhouding van byvoorbeeld 2 tot 1 (R.A. FOULKE, op cit., p.178).

ii. Likiedeverhouding.

Deur die voorraad af te trek van die bedryfsbates en die oortrokke bank af te trek van die bedryfslaste en die resultaat van eersgenoemde te deel deur laasgenoemde resultaat, gee dié verhouding. Die verhouding toon die beskikbare kontant aan om onmiddellike betalings te dek en word ook uitgedruk as 'n verhouding van byvoorbeeld 1.6 tot 1.01 (R.A. FOULKE, op cit., p.179).

iii. Bedryfslaste tot aandeelhoudersbelang.

In die bepaling van hierdie verhouding word die totale bedryfslaste gedeel in die aandeelhoudersbelang. Die resultaat word as 'n persentasie aangedui. Hierdie verhouding dui die respektiewelike belange van die krediteure en die aandeelhouders aan (R.A. FOULKE, op.cit., p.207).

iv. Totale laste tot aandeelhoudersbelang.

Om hierdie verhouding te verwesenlik, is dit nodig om die aandeelhoudersbelang te deel deur die totale laste. Hierdie verhouding hang baie nou saam met die vorige een en word ook aangedui as 'n uitdrukking van 106% tot 214% (R.A. FOULKE, op.cit., p.232).

v. Langtermynlaste tot bedryfskapitaal.

Die verskil tussen die bedryfsbates en bedryfslaste, met ander woorde die bedryfskapitaal, word gedeel deur die langtermynlaste en word uitgedruk as 'n verhouding byvoorbeeld 30 tot 40.2 (R.A. FOULKE, op.cit., p.258).

vi. Vaste bates tot aandeelhoudersbelang.

Die verhouding word bepaal deur die gedepresieerde boekwaarde van alle vaste bates te deel deur die aandeelhoudersbelang. Die verhouding dui die belegging van kapitaal in kontant aan (R.A. FOULKE, op.cit., p.283).

vii. Voorraad tot nettoverkope.

'n Oormatige voorraad mag nadelige finansiële resultate tot gevolg hê. Die nettoverkope gedeel deur die voorraad gee 'n verhouding wat ook as 'n uitdrukking van 13.1 tot 14.2

gestel kan word (R.A. FOULKE, op.cit.p.314)

viii. Nettoverkope tot aandeelhoudersbelang.

Hierdie verhouding word verkry deur die nettoverkope te deel in die aandeelhoudersbelang, wat byvoorbeeld as 'n verhouding van 7.2 tot 1.3 uitgedruk word (R.A. FOULKE, op.cit., p.389).

ix. Nettoverkope tot bedryfskapitaal.

Dit is 'n verhouding wat verkry word deur die nettoverkope te deel in die bedryfskapitaal wat uitgedruk word as 'n verhouding van 11.2 tot 13.1, om maar 'n voorbeeld te noem (R.A. FOULKE, op.cit , p.563.)

x. Voorraad tot bedryfskapitaal.

Vir die verkryging van hierdie verhouding is dit nodig dat die bedryfskapitaal gedeel moet word met die voorraad, wat byvoorbeeld aangedui word as 2.7 tot 1.9 (R.A. FOULKE, op.cit , p.335)

xi. Brutowinsverhouding.

Om die brutowinsverhouding te bepaal, is dit nodig om die brutowins te deel deur die nettoomset, wat 'n persentasie verhouding as resultaat het. Hoe groter hierdie verhouding, hoe voordeliger vir die onderneming (eie waarneming).

xii. Nettowinsverhouding.

Hierdie verhouding word ook net soos die brutowinsverhouding bepaal, met die verskil dat die begrip brutowins met nettowins vervang word. Dit is 'n verhouding wat die winskapasiteit aandui (eie waarneming).

xiii. Voorraad tot omsetverhouding.

Vir bepaling van hierdie verhouding is dit nodig om die gemiddelde tussen begin- en eindvoorraad te bekom. Die gemiddelde voorraad word dan in die koste van die omset- syfer ingedeel wat die omsetskaal aantoon. (R.K. YORSTEN, E.B. SMYTH en S.R. BROWN., -Advanced accounting-, Volume III, The law book company of australasia, Australia, 1950, p.131).

xiv. Vergoeding op totale fondse.

Na aftrekking van items soos klandisiewaarde en oprigtings- koste, word die tasbare nettobates geheel in die nettowins vir die jaar, wat as 'n persentasie uitgedruk word (R.K. YORSTEN, E.B. SMYTH en S.R. BROWN., op.cit., p.132).

xv. Vergoeding op eienaarsfondse.

Die verhouding word bepaal deur die nettowins te deel deur die aandeelhoudersfondse en word ook as 'n persentasie uitgedruk (R.K. YORSTEN, E.B. SMYTH en S.R. BROWN., op.cit., p.133).

3. Algemeen.

Om enige onderwerp aan te pak alvorens sekere verduidelikings eers gegee is, is beslis nie die moeite werd nie. Met 'n genoegsame kennis van sekere begrippe kan so 'n ondersoek egter met meer gerustheid aangepak en verstaan word. In hierdie hoofstuk is probeer om struikelblokke uit die weg te ruim deur behoorlike omskrywings te gee vir sekere begrippe wat nie altyd met die eerste oogopslag verstaan word nie.

HOOFSTUK II.

'N KORT OORSIG VAN DIE ANALISE EN INTERPRETASIE VAN FINANSIËLE STATE.

1. Inleiding.

Tesame met die faktore wat nou verwant is met die administrasie van 'n besigheid, is finansiële- en kostestate wat uit twee verskillende gesigspunte bestudeer kan word - opstelling en analise. In hierdie skripsie sal daar alleenlik gehandel word oor die begrip analise. 'n Analise sal gemaak word vanuit die Wins-en-Verliesrekening asook die Balansstaat van Onderneming A. Dit kom dus neer op 'n ad-hoc-beskouing van die finansiële resultate.

Die doel van die balansstaat is om die finansiële posisie van 'n onderneming op 'n spesifieke datum aan te dui, met ander woorde, dit gee 'n flitsfotobeeld van die finansiële posisie. Die wins-en-verliesrekening daarenteen dui die in-geld-uitgedrukte veranderinge wat plaasgevind het sedert datum van die voorafgaande balansstaat en hoe dit eienaars se aandeel in die onderneming geaffekteer het deur of 'n wins of 'n verlies. (Eie omskrywings).

Vanweë die ontbreking van 'n behoorlik kostestelsel, sal dit onmoontlik wees om enigsins 'n behoorlike kosteanalise te maak. Die uitsluitlike doel van die analisering van die finansiële state in hierdie besondere geval is om as hulpmiddel vir bestuur te dien by die beoordeling van die doeltreffendheid van bestuur. Die resultate van alle ondernemings word beïnvloed deur algemene ekonomiese toestande, mededinging, lokale faktore, owerheidsmaatreëls en die be-

leid wat deur die bestuur gevolg word. Analitiese verhoudings kan bestuur bystaan in sy basiese funksies van vooruitbeplanning, kōrdinering, kontrole en kommunikasie. Indien dit behoorlik vertolk word, kan dit effektiwiteit verbeter, met ander woorde, winste vermeerder of verliese verminder. Van besondere belang is die feit dat 'n enkele verhouding, sonder inagneming van ander verhoudings, misleidend kan wees. Die gesamentlike invloed van die verskillende verhoudings moet oorweeg word in die diagnoseering van 'n onderneming se finansiële struktuur.

Die gebruik van verskillende verhoudings, dit wil sê waar die een item uitgedruk word in terme van 'n ander, het 'n wye omvang waarvan die belangrikste die volgende is:-

a. verhoudings van die verlede dui die neiging in koste, verkope, wins en relevante feite aan. Soortgelyk kan dit ook waardevol wees vir die beplanning van dieselfde items in die toekoms.

b. die planne wat gemaak is, kan bevestig word deur verhoudings.

c. ideale verhoudings kan daargestel word en die verwantskap tussen primêre verhoudings kan gebruik word om die wenslike kōrdinasie daar te stel.

d. kontrole kan materieel deur die gebruik van verhoudings gesteun word.

e. verhoudings speel 'n belangrike rol deur die aanduiding van wat van een periode tot die volgende gebeur het.

f. verhoudings kan gebruik word om doeltreffendheid te meet.

(vgl. J. Batty, - Management accountancy -, MacDonald and Evans, London, 1965, (2^{de} druk, p.374).

Analise van state kan op 'n interne of 'n vergelykende basis geskied. Onder interne analise word verstaan die analisering van items of 'n groep items binne die raamwerk van die onderneming. Vergelykende analise beteken die analisering van dieselfde items of groepe items in twee of meer soortgelyke ondernemings. (R.A. FOULKE, op cit., p.445).

In hierdie skripsie sal alleenlik gebruik gemaak word van interne analise om sodoende bestuursdoeltreffendheid te meet.

2. Redes vir analise.

Die voortbrenging van 'n produk is sinneloos as dit nie 'n gebruikswaarde het nie. Die gebruikswaarde van die finansiële state lê in die inligting wat hulle aan die leser oordra met betrekking tot die finansiële resultate van die onderneming. Wat elke rekenmeester moet onthou, is dat die state so opgestel moet word dat dit bruikbaar is vir enige persoon wat afleidings of gevolgtrekkings rakende die onderneming wil maak. Die vernaamste gebruiker van die finale rekenings van 'n onderneming is:

- a. die eienaars van die sakeonderneming
- b. Korttermynkredietverskaffers soos die bank wanneer dit oortrokke rekeningfasiliteite toestaan
- c. aandeelhouers
- d. handelskrediteure
- e. ontvanger van inkomste
- f. ekonome
- g. ouditeure
- h. langtermynkredietverskaffers.

(J.A. CILLIERS, - Inleiding tot ontleding en vertolking van finansiële state, Van Schaik's Boekhandel, Pretoria, 1965 p.1).

Die metode en doel van analise verskil van geval tot geval. Die aard en redes van analisering vir die langtermynkredietverskaffer, die bankier, die aandeelhouer en die eienaars of bestuur word vervolgens baie kort saamgevat.

(i) Langtermynkredietverskaffer.

Vir bogenoemde is die stabiliteit van die onderneming van groot belang. As belangrik word beskou dit wat die wins of verlies vir die jaar was en of daar enige aanwending of distribusie van opgehoopte surplusse was, asook die verskil tussen bedryfsbates en - laste om sodoende die bedryfskapitaal te bepaal. 'n Sorgvuldige analise van die balansstaat asook wins-en-verliesrekening van 'n onderneming vereis 'n duidelike beeld van die beleid van die bestuur. Verder stel hy ook belang in die onderneming se vermoë om sy renteverpligtings stiptelik na te kom en veral die sekuriteit van hul belegging. 'n Onversekerde skuldeiser het nie die sekerheid van kapitaal terugbetaling nie en daarom stel hy veral belang in die solvabiliteit van die onderneming, dit wil sê in sy vermoë om sy verpligtinge na te kom. (Foulke, op.cit., p.32).

(ii) Bankier.

Hy vereis gewoonlik meer en vollediger gegewens as net die blote verslag in die vorm van rekeninge aan die aandeelhouders. Die likwiditeit van die onderneming is van groot belang. Ter aanvulling van die finale rekenings verlang

hy ook onder andere, 'n volledige ouditverslag, ondersteunende gegewens vir elke item in die balansstaat, 'n gedetailleerde inkomstestaat asook 'n volle rekonsiliasie van enige surplusse. As gevolg van die feit dat hy meer gegewens vereis as die langtermynkredietverskaffer word gevind dat hy baie meer op hoogte is met die werking van die onderneming. (Foulke, op.cit., p.36).

(iii) Aandeehouer.

Hierdie persoon se strewe is om sy kapitaal te belê waar hy die hoogste opbrengs kan verdien. In plaas daarvan om 'n 'n behoorlike analise te maak van elke item in die finale rekeninge stel hy hoofsaaklik belang in die finale wins of verlies. In die meeste gevalle is so 'n persoon nie eers bekwaam om 'n deeglike analise te maak nie. (Foulke, op.cit., p.39).

(iv) Bestuur.

In baie gevalle is die bestuur ook die aandeelhouers van 'n onderneming. Hulle is gewoonlik in 'n baie gunstiger posisie as enige van die voorgaande omdat hul bewus is van al die omstandighede. Met al die gegewens tot hul beskikking is dit maklik om te bepaal of die beleid wat toegepas was 'n gesonde of ongesonde uitwerking gehad het. Die opbrengsvermoë, winsgewendheid of rentabiliteit en die finansiële stabiliteit is vir hulle van groot belang. (Foulke, op.cit., p.41).

Die analise in die verhandeling sal hoofsaaklik gedoen word uit die oogpunt van laasgenoemde ontleder.

3. Die interpretasie van verhoudings.

Nadat 'n behoorlike analise gemaak is van die nodige en verwante verhoudings is dit noodsaaklik dat dit sorgvuldig en deeglik geïnterpreteer word. Byvoorbeeld wat beteken 'n verhouding van 2.76 tussen bedryfsbates en bedryfslaste? Indien die langtermynlaste die nettoaandeelhoudersbelang met 1.2 oortref, beteken dit dat daar enige rede bestaan vir kommernis? Hierdie en soortgelyke vrae moet beantwoord word om waarde aan verhoudingsanalise te gee. Daar bestaan hoofsaaklik vyf verskillende metodes waarvolgens die nodige interpretasie gedoen kan word.

Ten eerste mag die individuele verhouding opsigself doeltreffend blyk te wees. As voorbeeld kan genoem word waar die bedryfslaste die aandeelhoudersbelang oorskry, wat dadelik aantoon dat dit nie 'n baie gesonde posisie weergee nie, weens die feit dat buite-persone noodwendig nie meer belang in die onderneming moet besit as die werklike eienaars nie. Om egter die onderneming alleenlik op hierdie maatstaf te verdøm, is beslis nie gewens nie; daarom sou dit verkieslik wees om verwante verhoudings ook in aanmerking te neem. Daar is wel voorafbepaalde reëls wat 'n spesifieke verhouding behoort te wees, maar dan moet in gedagte gehou word dat dit kan verskil van saak tot saak. (R.H. Wessel, -Principles of financial analysis-, MacMillan co., New York, 1961, p.36).

Die tweede metode van interpretasie is waar die analise uitgebrei word en die oorweging van verskeie verwante verhoudings. Op hierdie wyse sal verhoudings wat individueel waardeloos is betekenisvoller wees deur die berekening van

relevante verhoudings. 'n Bedryfsverhouding van 1.3 beteken op sigself nie soveel nie, maar dit sal beslis baie meer gewig dra indien dit gerugsteun word deur die omsetsnelheid van voorraad asook die gemiddelde invorderingstermyn van debiteure. (Wessel op.cit., p.37).

As 'n derde metode van interpretasie kan genoem word waar vergelykings oor 'n aantal jare of sekere periodes gemaak word. Hier word 'n verhouding of 'n groep verhoudings oor 'n aantal jare bestudeer. Hiervolgens kan neigings van stygings of dalings aangetoon word. Indien 'n verhouding vir die afgelope aantal jare gewissel het tussen 2 tot 3 en dit sou skielik styg na 10 dan bestaan daar beslis rede vir 'n deeglike ondersoek. Bykomend kan die gemiddelde verhouding in die verlede ook vergelyk word met die huidige. (Wessel, op.cit., p.37).

Vierdens kan die verhoudings vergelyk word met verhoudings in ander soortgelyke ondernemings. Sulke vergelykings is gewoonlik waardevol aangesien in die meerderheid van gevalle, ondernemings in dieselfde industrie te kampe het met ongeveer dieselfde finansiële probleme. (Wessel, op.cit., p.37).

Laastens word bykomende inligting wat bestaan uit voorafgaande informasie, ondersoekende feite en finansiële inligting, as belangrik beskou. Voorafgaande informasie dek alle besonderhede van persone in aktiewe diens van 'n onderneming asook van die eienaars indien dié nie 'n aktiewe lid is van bestuur nie. Onderzoekende feite dek al die relatiewe inligting wat verkry word by bankinstellings, finansierings- en assuransieorganisasies. Finansiële inligting dek

alle feite rakende finansiële probleme. (Foulke, op.cit., p.48). Ouditeurs- en direkteursverslae asook verklarende notas is van besondere belang by die analise van finansiële state.

Soos reeds voorheen genoem is die doel van hierdie skripsie om bestuursdoeltreffendheid te meet. 'n Ontleding van Onderneming A deur gebruik te maak van die vyf genoemde interpretasiemetodes is nie moontlik nie. Die metode van interpretasie deur die ontleding van verwante of groepeverhoudings en die vergelyking met empiriesaanvaarde standarde sal hoofsaaklik gevolg word. Uit die aard van die beskikbare gegewens asook die doel van die ondersoek sal 'n interne analise as genoegsaam beskou word.

4. Beperkings van verhoudingsanalise en finansiële state.

Dit is belangrik om te weet wat 'n tegniek as hulpmiddel vir 'n ontleder beteken. Dit is miskien belangriker om te weet wat dit nie beteken nie, en dit is veral waar in die geval van analise. Verhoudingsanalise aanvaar dat die finansiële state 'n redelike en ware weergawe is van die rekeningkundige posisie van die onderneming. In sommige gevalle is dit nie so nie. Ondernemings wat byvoorbeeld gebruik maak van swaar korttermynlenings om seisoensbenodigdhede te bekom, kies gewoonlik 'n datum wanneer voorraad en lenings 'n minimum bedra om hul finansiële state te voltooi. Voordat 'n analise gemaak kan word, moet daar eers vasgestel word dat state waaruit verhoudings saamgestel word 'n tipiese en ware weergawe van die onderneming aandui. Dit moet egter altyd onthou word dat konsekwentheid deurgaans gehandhaaf moet word by die opstel van fi-

nansiële state.

Verder moet ook in gedagte gehou word dat 'n vergelykende analise alleenlik gedoen kan word waar die gegewens vergelykbaar is.

Daar bestaan hoofsaaklik vier belangrike punte met betrekking tot die beperkings van state wat die volgende behels:-

a. Juistheid van finansiële stategegewens is onmoontlik, weens die feit dat die state te doen het met omstandighede wat nie volledig gespesifiseer kan word nie.

b. Die state toon in werklikheid nie die finansiële posisie van 'n onderneming nie, aangesien daar baie faktore is wat nie 'n deel vorm van die finansiële gegewens nie.

c. As gevolg van die feit dat die bates in die balansstaat nie teen markwaarde getoon word nie, ontstaan die probleem dat die syfers getoon, nie aandui wat vir die onderneming gekry sal kan word indien dit verkoop word nie.

d. Die nettoinkomste soos aangedui in die inkomstestaat is nie abosluit nie maar wel relatief korrek. (vgl. J.N. Myer, op.cit., p.25).

5. Algemeen.

Dit is baie belangrik om te onthou dat rekeningkundige oorewegings alleen nie genoegsaam is om 'n besluit te neem nie. Bykomende gegewens soos koste-analise, mededinging en bestuursbeleide is maar 'n paar wat genoemde standpunt staaf. Soos reeds voorheen genoem, word in hierdie skripsie 'n bestuursanalise gemaak waarvoor 'n interne analise genoegsaam sal wees.

Die verhoudings wat gewoonlik gebruik word in die analise van finansiële state is:-

- a. Balansstaatverhoudings wat gaan oor die verhouding tussen twee items (of groepe items) wat beide in die balansstaat verskyn.
- b. Inkomstestaatverhoudings wat gaan oor die verhouding tussen twee groepe van items wat in die inkomstestaat verskyn.
- c. Balansstaat- en Inkomstestaatverhoudings wat weer gaan oor die verhouding tussen inkomstestaat- en balansstaat-items.

In hierdie skripsie sal die verhoudings onder genoemde indelings behandel word. Dit moet egter onthou word dat in bogenoemde indeling 'n interne sowel as 'n vergelykende analise moontlik is.

Gebruikswaarde van 'n produk lê in die inligting wat dit aan die leser oordra. In hierdie skripsie sal inligting nie net deur die voorlê van state oorgedra word nie, maar ook deur die analisering en interpretering van die state.

HOOFSTUK III.

ONTSTAAN EN GESKIEDENIS VAN ONDERNEMING A.

1. Inleiding.

Promosie of oprigting is die eerste stap in finansiering indien daar met 'n nuwe onderneming begin word. Dit is die bepaling van sakemoontlikhede en die daaropvolgende elemente wat nodig is om 'n saak op te rig. Dit behels in die meeste gevalle een van die volgende tipes:

- a. 'n nuwe produk of diens word geskep,
- b. 'n nuwe onderneming word begin waar alreeds mededingers is,
- c. verskeie ondernemings word saamgevoeg as een groot organisasie en
- d. 'n ou onderneming word omgeskep in 'n heeltemal nuwe organisasie.

2. Ontstaan.

Deur waarneming en ondersoek is gevind dat inisiatief aan die dag gelê is deur manere X en Y om 'n nuwe onderneming te begin waar alreeds verskeie soortgelyke ondernemings was. Die spreekwoordelike stelling van wie nie waag nie sal nie wen nie is baie duidelik bewys in hierdie besondere geval. Met min akademiese kwalifikasies, maar met wye kennis en ondervinding op die gebied van ingenieurswerk, het genoemde persone saamgespan en 'n paddastoelorganisasie gestig wat vandag reeds gegroei het tot 'n groot en 'n baie gesonde onderneming. Die vereistes van organisasie, te wete doelmatigheid, doeltreffendheid en doelgerigtheid is voortdurend

in gedagte gehou en deurgans uitgevoer.

Vestigingsfaktore soos grondstowwe, afsetmarkte, arbeid, dryfkrag, kapitaal, vervoerfasiliteite, klimaat, verhouding tot ander nywerhede, die belangrikheid van 'n vroeë begin, plaaslike, munisipale of ander beperkinge of teemoetkominge is deeglik oorweeg.

Gedurende die maand Desember 1961 is Onderneming A gestig met 'n aandelekapitaal van R1,000 asook direkteurslenings ten bedrae van R4,000. 'n Perseel is gehuur in die industriële gebied te n 'n relatief lae huurgeld. In die ontwikkelingstadium was albei direkteure tevrede met 'n baie klein salaris, te wete onttrekkings ten bedrae van R200 per maand. Die rede hiervoor was dat daar soveel moontlik winste terug geploeg is in die onderneming wat oor die langtermyn goeie resultate sou lewer.

Die doel van die onderneming was hoofsaaklik om algemene ingenieurswerk te verrig, waarvan herstelwerk vir myne en industriële instellings die belangrikste was.

3. Ontwikkeling.

Namate doeltreffendheid toegeneem het, is geleidelik oorgeskakel na vervaardiging en oprigting van staalskure.

Hiermee is tot 'n nuwe terrein in die Wes-Transvaal toegetree. In die beginstadium het dit nie so voorspoedig gegaan nie aangesien die afsetmark hoofsaaklik tot die landbou beperk was. Die gevaar hiervan is baie gou onder oë gesien en daar is besluit om ook dié dienste aan industriële organisasies aan te bied. Spoedig het die onderneming uitgebrei met die gevolg dat die kontrakte vir herstellings,

wat bestaan het met die goudmynorganisasies, beëindig is. Alhoewel staalskure nou die grootste aandag geverg het, is daar steeds 'n herstelfunksie tot die publiek en nywerhedese beskikking gestel. Alhoewel die onderneming nog in sy beginstadium is in soverre dit die oprigting en vervaardiging van staalskure aangaan, getuig die finale rekenings van die fenomenale groei wat plaasgevind het. So geweldig was die uitbreiding dat 'n gebou opgerig is in die Urania-ville-industriële gebied te Klersdorp in Wes-Transvaal, en die huur van die perseel waar die onderneming oorspronklik begin het, is opgesê.

Wat beslis vermelding moet geniet, is die feit dat die administratiewe werk deurgaans behartig word deur die twee direkteure. Waar dit 'n addisionele funksie is bo en behalwe die gewone ingenieurswerk, dwing dit beslis bewondering af.

4. Organisasie.

Ten slotte sal dit gewens wees om die organisasiestruktuur van dié onderneming in oënskou te neem. Aan die hoof of toppunt is die twee direkteure wat direk beheer uitoefen oor die vyf blanke werknemers. Die totale aantal nie-blanke arbeiders in diens is drie-en-twintig (volgens H.C. Swanepoel, ouditeur van Onderneming A).

Die pligte en funksies van elk van bogenoemde persone sluit onder meer die volgende in:-

a. Direkteure.

Die pligte van die twee direkteure is uiteenlopend.

(1) Eerste direkteur.

Hierdie persoon se funksies kan saamgevat word in die volgende punte:

(a) Korrespondensie.

Dit sluit onder andere die skryf van briewe, beantwoording van navrae en diverse sekretariële werke in.

(b) Lone.

Die bepaling van die lone wat aan elke werknemer uitbetaal moet word, is aan hom toevertrou. Dit is ook sy verantwoordelikheid om toe te sien dat die lone uitbetaal word. 'n Behoorlike kontrole rakende alle aspekte van lone word deur hom gehou.

(c) Debiteure.

Alhoewel die debiteure nie veel bedra nie, word daar tog 'n deeglike opvolging van uitstaande ontvangbare rekenings toegepas. In sommige gevalle is dit nodig om die kredietwaardigheid van 'n persoon vas te stel alvorens krediet aan hom verleen word. Rekenings wat langer as drie maande uitstaande is, word onmiddellik opgevolg en die nodige stappe word gevolg. 'n Eerste, 'n tweede en 'n derde aanmaning word uitgestuur, en indien die resultate nie bevredigend is nie, word sulke persone aan die prokureurs oorhandig.

(d) Krediteure.

Dit is ook sy plig om die fakture te kontroleer en toe te sien dat die nodige diskonto afgetrek is. Rekenings word sover moontlik, stiptelik vereffen.

(e) Bestellings.

Meneer X is ook gemoeid met die werwing en verkryging van bestellings. Verskeie prosedures word nagevolg, onder andere, word gereelde besoeke aan moontlike belangstellendes

afgelê. Die telefoongids word ook geraadpleeg en omsendbriewe word uitgestuur. Indien enige positiewe resultate volg, is dit sy plig belangstellende persone te besoek.

(f) Personeel-kontrole.

Gereelde besoeke word afgelê by buitepersoneel wat gemoeid is met die oprigting van skure. By voltooiing van enige skure is dit hy wat die projek finaal aan die koper oorhandig.

(ii) Tweede direkteur.

Sy verantwoordelikhede is die volgende:-

(a) Tenders.

Hieronder word verstaan dat hy die nodige tenders verwerk om die wins te bepaal. Die bepaling van materiaal, arbeid en bokoste is die belangrikste elemente wat oorweging moet geniet.

(b) Werkswinkel.

Hy moet kontrole oor die personeel in die werkswinkel hou. Dit is sy verantwoordelikheid om toe te sien dat alles vlot verloop en dat daar die nodige koördinasie tussen werknemer en werkgewer bestaan.

(c) Materiaal.

Die aankoop van materiaal word ook deur hom behartig. Die nodige kontrole word beoefen om te voorkom dat daar te veel materiaal in voorraad is of dat enige materiaal onbruikbaar raak.

(d) Distribusie.

Enige voorraad benodig deur buitepersoneel moet deur hom geverifieer en gedistribueer word. Dit is sy funksie om te voorkom dat werk gestaak moet word as gevolg van 'n tekort aan materiaal.

b. Blanke werknemers.

Daar is vyf blanke werknemers in diens wat verdeel is in twee groepe te wete die werkswinkel- en die buitepersoneel. Eersgenoemde is belas met die nodige herstellings- en vervaardigingsfunksie, terwyl laasgenoemde die oprigtingsfunksie van skure waarneem. Herstelwerk vorm 'n skamele 10% terwyl die voorafvervaardiging van skure ongeveer 90% be-loop. Twee werknemers is voltyds gemoeid met die oprigtingsfunksie, terwyl twee voltyds in die werkswinkel is. Werknemer vyf se pligte kan verdeel word in albei genoemde afdelings.


c. Nie-Blanke werknemers.

Daar is drie-en-twintig nie-blanke werknemers in diens van Onderneming A. Twee hiervan is vragmotorbestuurders wat die nodige materiaal na die werksterreine vervoer, asook die aangekoopte materiaal na die werkswinkel. Laasgenoemde is nodig omdat baie firmas nie oor voldoende vervoerfasaliteite beskik nie, en Onderneming A is nie bereid om 'n groot voorraad te hanteer as gevolg van die gebrek aan vervoermoontlikhede van hierdie firmas nie.

In die werkswinkel is daar twee nie-blanke arbeiders vir elke amptenaar. Bo en behalwe die vervaardigingsfunksie, is hul pligte ook van 'n roetine-aard, soos onder andere die skoonmaak van die werkswinkel. Vir genoemde nie-blanke is daar ook een voorman wat toesien dat geen produktiewe arbeid verlore gaan nie.

Vir die oprigtingsfunksie is daar ses nie-blanke arbeiders beskikbaar vir elke blanke werknemer.

Skematies sien die organisasiestruktuur van Onderneming A as volg daaruit:



5. Algemeen.

Met sulke bekwame en doelgerigte persone aan die bestuur van Onderneming A, kan daar geen ander gevolgtrekking gemaak word as juis die feit dat die onderneming onder bespreking 'n goeie toekoms het nie.

HOOFSTUK IV.

FINANSIËLE ANALISE VAN DIE STATE

VAN ONDERNEMING A.

1. Inleiding.

Daar bestaan geen twyfel nie dat verhoudings 'n onmisbare hulpmiddel vir bestuur en ander persone is, wat daarin belangstel om die werking van 'n sakeonderneming te analiseer en die stand van sake te bepaal. Die gebruik van persentasies en verhoudings stel 'n mens in staat om afleidings te maak ten opsigte van die behoeftes en moontlikhede van 'n onderneming wat in die gewone rekeninge nie so duidelik blyk nie.

Indien 'n verhouding in 'n mate afwyk van die normale moet daar ondersoek ingestel word. Dit beteken nie noodwendig dat aksie onmiddellik geneem moet word nie ; baie hang egter af van die aard van die verhouding. Verskeie persone stel belang in verskillende verhoudings. So stel 'n verkoopsbestuurder hoofsaaklik belang in die verkoopsverhouding, verkoopskoste en verwante aspekte, terwyl 'n produksiebestuurder veral geïnteresseer is in die verhoudings wat te doen het met produksie. In hierdie hoofstuk sal daar egter gepoog word om al die belangrikste verhoudings te bepaal, aangesien 'n analise uit die bestuursoogpunt gemaak word wat noodwendig sal belangstel in al die noodsaaklikste verhoudings.

Die doel van hierdie hoofstuk is dan om aandag te gee aan al die belangrikste verhoudings, hul toepassing op die gewens soos vervat in Aanhangsels A en B. 'n Fondse-staat

sal ook kortliks bespreek en opgestel word om aan te dui waaruit fondse verkry en hoe dit aangewend is.

2. Balansstaatverhoudings.

Hierdie verhoudings is van 'n historiese aard en dui die doeltreffendheid van bestuur aan. 'n Goeie verhouding mag radikaal verander as gevolg van swak bestuur.

By die ontleding van die balansstaatverhoudings van Onderneming A word die klandisiewaarde as 'n vaste bate en die oprigtingskoste as 'n fiktiewe bate beskou. Vir berekeningsdoeleindes sal laasgenoemde dus afgetrek word van die aandeelhoudersbelang.

a. Bedryfskapitaalverhouding.

Hierdie verhouding het deur die jare bekend geword as die 2-tot-1-verhouding, met ander woorde vir elke R1 Bedryfs- las wat die onderneming het, behoort daar R2 aan bedryfs- bates te wees. Of die bedryfskapitaal voldoende is al dan nie, hang af van wat dit eintlik moet verrig. 'n Onderneming met 'n vinnige voorraadomset en wat boekskulde gou invorder, het minder bedryfskapitaal nodig dan 'n onderneming waarin dit nie die geval is nie. 'n Onderneming wat genoegsame likiede fondse het om hom in staat te stel om alle handelsvoorraad wat benodig word te bekom en om aan die klante die nodige krediet te verleen, sowel as om hulle verpligtinge tegemoet te kom op die vervaldae, het onteenseglik nie 'n tekort aan bedryfskapitaal nie. Baie ondernemings het 'n seisoenale handel en is dit moontlik dat die voorraad en debiteure juis op die balansstaatdatum hoër is as op enige ander tydstip gedurende die jaar.

In die berekening van hierdie verhouding moet die omvang van die voorraad in ag geneem word. Indien hierdie bate buitengewoon hoog is, is daar altyd die moontlikhede dat dit nie vinnig genoeg in ontvangbare rekenings en dus in kontant omgeskep sal kan word nie. Selfs die debiteursrekeninge moet ondersoek word aangesien dit grootliks mag bestaan uit rekeninge wat stadig ingevorder word, en wat dus op sigself kleur sal verleen aan die resultaat wat deur die rekenkundige toets verskaf word. (R.A. FOULKE, op.cit , p.204).

Daar moet egter in gedagte gehou word dat die verhouding van-2-tot-1 in sommige gevalle nie die ideale is nie maar dat 'n kleiner verhouding wenslik blyk te wees. Die belangrikste faktore wat 'n invloed op die verhouding mag hê, is die soort onderneming en die omstandighede wat daar mag heers.

Uit Aanhangel A kan die volgende bedryfskapitaalverhouding bepaal word:

$$\text{Bedryfsverhouding} = \frac{\text{Bedryfsbates}}{\text{Bedryfslaste}}$$

	1965	1966
	<u>22322</u>	<u>23674</u>
	13563	20869
=	1.7	1.1

Met ander woorde, vir elke R1-bedryfslas was daar in 1965 R1.7 bedryfsbates en in 1966 R1.1.

Die verswakking in hierdie verhouding van .6 kan gesien word in die lig van die feit dat die handelskrediteure en oortrokke bank met R5,761 en R1,176 onderskeidelik toege-

neem het. Hier teenoor het die debiteure toegeneem met R6,775 terwyl die werk in voortgang met R4,700 verminder het. Handelskrediteure en oortrokke bank is aangewend vir finansiering van debiteure. Om egter die gemiddelde invorderingsperiode te bepaal, kan gebruik gemaak word van die volgende twee formules:

(i) Nettoverkope vir die jaar = nettoverkope

	365 dae		per dag
1965.	$\frac{78765}{365}$	1966.	$\frac{86677}{365}$ (Aanhangsel B)
=	R216	=	R237

(ii) Ontvangbare rekenings = gemiddelde invorderings-
Nettoverkope per dag periode

	$\frac{4288}{216}$		$\frac{11063}{237}$ (Aanhangsel A)
=	20 dae	=	46 dae.

Die rede vir die verhoging van 26 dae in bogenoemde geval mag toegeskryf word aan die feit dat daar baie verkope op skuld plaasgevind het. Die verkope het wel toegeneem met R7,912, maar die debiteure het ook verhoog met R6,775.

Die rede vir die verhoging in debiteure is om sekere individue, wat nie finansiëel sterk was nie, te help om op hul voete te kom deur die lewering van dienste teen 'n betaling in die toekoms. Dié beleid is die gevolg dat lenings aangegaan moet word.

b. Likiede verhouding.

Die algemene beginsel in hierdie geval is dat solank die likiede bates die likiede laste oorskry die onderneming se finansiële posisie baie gesond is. Hierdie verhouding gaan hand aan hand met die bedryfskapitaalverhouding.

Vir Onderneming A was die verhoudings die volgende:

1965		1966
22322	Bedryfsbates	23674
<u>5913</u>	Min : Voorraad	<u>5180</u>
17409		18494
<u>12100</u>	Min : Werk in voort-	<u>7400</u>
5309	gang	11094
	Likiede bates	
13563	Bedryfslaste	20869
<u>5004</u>	Min : Oortrokke Bank	<u>6180</u>
8559	Likiede Laste	14689

Die verhouding is dus:

$$\begin{array}{rcl}
 \frac{5309}{8559} & \text{en} & \frac{11094}{14689} \\
 = .62 & & = .75
 \end{array}$$

Vir elke R1 likiede laste was daar R.62 en R.75 likiede bates in 1965 en 1966 onderskeidelik.

In die berekening van bogenoemde verhouding word aanvaar dat die bankoortrekking nie onmiddellik opvraagbaar is nie. Die rede vir hierdie gunstige verandering van .13 is te wyte aan die verhoging in handelskrediteure en debiteure teenoor 'n verlaging in die voorraad. (Sien a). Dit moet egter gemeld word dat voorraad ook werk in voortgang insluit.

c. Bedryfslaste tot Aandeelhoudersbelang.

In die lig van die feit dat aandeelhoudersbelang dien as waarborg vir likwidasië van krediteure is dit voor die handliggend dat hoe kleiner die aandeelhoudersbelang en hoe groter die laste, hoe minder sekuriteit het die kre-

diteure. Die maatstaf wat oor die algemeen aanvaar word, is dat indien 'n onderneming se aandeelhoudersbelang tussen R50,000 en R250,000 is, die bedryfslaste nie meer as $\frac{2}{3}$ van die belang behoort te oorskry nie. Indien die aandeelhoudersbelang meer is as R250,000 behoort die bedryfslaste nie meer dan 'n $\frac{3}{4}$ van die aandeelhoudersbelang te wees nie. (R.A. FOULKE, op.cit., p.229).

Die gegewens in die verband ten opsigte van Onderneming A was:

1965		1966
29277	Aandeelhoudersbelang	30882
<u>127</u>	Min : Oprigtingskoste	<u>127</u>
29150		30755
<u>13563</u>	<u>Bedryfslaste</u>	<u>20869</u>
29150	Aandeelhoudersbelang	30755
46.5		67.8

In 1965 het die bedryfslaste dus 46.5% van die aandeelhoudersbelang gevorm teenoor 67.8% in 1966.

Die redes vir die styging van 21.3% is weer eens toe te skryf aan die gesamentlike vermeerdering van handelskrediteure en oortrokke bank ten bedrae van R6,937. Die Aandeelhoudersbelang het ook met R1,605 vermeerder, wat relatief baie min is in vergelyking met skuld van R6,937.

d. Totale laste tot Aandeelhoudersbelang of Eienaarsverhouding.

Totale laste bestaan uit alle bedryfslaste tesame met finansieële langtermynlaste wat een of ander tyd in die toekoms betaal moet word. Totale laste sluit nie tegniese laste in die, met ander woorde sulkes soos minderheidsbelang, onverdiende inkomste of waardasiereserwes. Daar

bestaan hoofsaaklik twee metodes om 'n swaar las wat op 'n onderneming rus te verbeter en dit is eerstens om addisionele fondse in een of beide vorms van kapitale aandele te belê en die nuwe kontant te gebruik om die uitstaande obligasies te verminder of tweedens om winste te verdien en dit in die onderneming te hou in die vorm van bedryfsbates en dit geleidelik aan te wend om obligasies af te los.

Selde, indien ooit, moet totale laste van 'n kommersiële of industriële onderneming die aandeelhouersbelang oorskry en indien wel, het die krediteure meer belang as die aandeelhouers of eienaars.

Deur te let op Onderneming A word die volgende verkry:

1965		1966
29277	Aandeelhouersbelang	30882
<u>127</u>	Min : Oprigtingskoste	<u>127</u>
29150		30755
<u>13860</u>	<u>Totale laste</u>	<u>36920</u>
29150	Aandeelhouersbelang	30755
= 47.5%		= 120%

In die besondere geval vind ons dat die aandeelhouersbelang in 1965 47.5% meer was as die totale laste terwyl die totale laste in 1966 die aandeelhouersbelang met 20% oorskry het.

Die styging van 72.5% is as gevolg van die geweldige verhoging in langtermynlaste van R15,754 vir die finansiering van die vaste bates. Verder is die verhoging in handelskrediteure en oortrokke bank ook faktore wat aanleiding gegee het tot die merkwaardige verandering wat plaasgevind het.

e. Langtermynlaste tot bedryfskapitaal.

Dit is eerstens baie belangrik om te weet watter sekuriteit, indien enige, gegee is om die langtermynlaste te verseker. Langtermynlaste word geklassifiseer ooreenkomstig onderliggende sekuriteite as onversekerd, as gewaarborgd, eerste verband, tweede verband, derde verband, algemene verband.

Verder word hulle ook ooreenkomstig die betaling van rente as geregistreerd, deelnemend of as inkomste geklassifiseer (R.A. FOULKE, op cit., p.257).

Na aanleiding van die analise van balansstate in die verlede is tot die slotsom gekom dat gefundeerde (langtermyn) skuld nie nettobedryfskapitaal moet te bowe gaan nie.

Waar die gefundeerde skuld swaarder is, is die verhouding ongebalanseerd. Onder sulke omstandighede is die gehele kapitaal van 'n onderneming opgesluit in nie-bedryfsbates en die onderneming moet van dag tot dag gebruik maak van langtermyn geleende fondse.

Deur weer eens te let op Aanhangsel A word die onderstaande resultaat verkry:

1965		1966
22322	Bedryfsbates	23674
<u>13563</u>	Min: Bedryfslaste	<u>20869</u>
8759	Bedryfskapitaal	2805
297	Langtermynlaste	16051
<u>297</u>	<u>Langtermynlaste</u>	<u>16051</u>
<u>8759</u>	<u>Bedryfskapitaal</u>	<u>2805</u>
= 3%		= 572%

Dit is dus duidelik dat in 1965 daar genoegsame bedryfskapitaal was, maar in 1966 is 'n geweldige tekort ondervind.

Alhoewel die langtermynlaste gebruik is vir die finansiering van vaste bates, is die verhouding bepaal om aan te dui of dié onderneming in staat is om sy lenings af te los.

f. Vaste bates tot aandeelhouersbelang.

Vir elke tipe kommersiële of industriële sakeaktiwiteit is daar 'n sekere gedeelte van die aandeelhouersbelang wat belê kan word in vaste bates. Hoe kleiner die gedeelte hoe gunstiger die posisie. 'n Hoë belegging in vaste bates is ongunstig om twee eenvoudige redes, te wete die feit dat die jaarlikse waardeverminderingskoste wat opge- neem moet word in die inkomstestaat proporsioneel swaarder is vir krediteure, en tweedens, indien die vaste bate baie swaar of groot is, het die onderneming óf langtermyn sku'd om genoegsame bedryfskapitaal te finansier. Indien 'n onderneming 'n aandeelhouersbelang van tussen R50,000 en R250,000 het, het die ondervinding in die verlede getoon dat die toestand deeglik ondersoek moet word indien die gedepresieerde boekwaarde van die vaste bates meer is as twee derdes van die aandeelhouersbelang. Waar die aandeelhouersbelang egter R250,000 te bowe gaan, moet 'n deeglike ondersoek ingestel word indien die vaste bates meer is dan driekwart van die aandeelhouersbelang. 'n Verhouding van $66\frac{2}{3}$ tot 75% van die aandeelhouersbelang belê in vaste bates is redelik alhoewel 'n kleiner persentasie outomaties baie beter is. (R.A. FOULKE, op cit., p.297)

Die resultate in geval van Onderneming A was:

1965		1966
<u>20688</u>	<u>Vaste bates</u>	<u>44001</u>
29150	Aandeelhouersbelang	30755
= 71%		= 143%

In 1965 is 71% van die aandeelhoudersbelang belê in vaste bates teenoor 'n geweldige belegging van 143% in 1966.

Die gulde reël is dat die aandeelhoudersfondse die vaste bates plus 'n deel van die bedryfskapitaal moet finansier. In 1965 was dit wel die geval, maar in 1966 is 'n tekort van 43% ondervind, wat verkry is uit die aangaan van langtermynverpligtinge.

g. Nettoverkope tot voorraad.

Indien 'n onderneming beide oormatige voorraad en te veel laste het, word finansiële moeilikhede gewoonlik ondervind voordat voorraad in berekening gebring is. Die verhouding tussen voorraad en nettoverkope kan deur drie metodes verhoog word: Die handhawing van nettoverkope op 'n sekere peil met 'n vermindering in voorraad; die uitbreiding van nettoverkope en die handhawing van 'n konstante voorraad; gelyktydige vermindering van die verkope en voorraad (R.A. FOULKE, op.cit., p.326).

Wanneer die voorraad-tot verkopeverhouding hoog is, is dit 'n aanduiding dat die kwaliteit van die voorraad en die vaardigheid van bestuur goed is om voorraad vinnig te omskep. Die teenoorgestelde is ook waar. Groot of oormatige voorraad moet net so vermy word soos die oormatige belegging in vaste bates en aan die anderkant groot laste. Waar daar by ander verhoudings 'n basis neergelê is, is dit nie eintlik moontlik in hierdie geval nie. In hierdie besondere geval word daar alleenlik gewerk op eindvoorraad.

In die analise van Onderneming A se gegewens word die volgende verkry:

1965		1966
<u>78765</u>	<u>Nettoverkope</u>	<u>86677</u> (Aanhangsel B)
18013	Voorraad	12580
= 4.4		= 6.9

In 1965 en 1966 is die voorraad onderskeidelik 4.4 en 6.9 keer omgesit.

Die gunstige styging van 2.5 kan toegeskryf word aan die feit dat die omset verhoog het met R7,912, terwyl die voorraad in totaal met R5,433 verminder het.

h. Voorraad tot bedryfskapitaal.

In hierdie verhouding het ondervinding in die verlede geleer dat indien die aandeelhoudersbelang van 'n onderneming tussen R50,000 en R250,000 is, die voorraad nie meer moet wees as $\frac{3}{4}$ van die bedryfskapitaal nie en waar die aandeelhoudersbelang R250,000 te bowe gaan, moet die voorraad nie meer wees as die bedryfskapitaal nie (R.A. FOULKE, op.cit., p.352). Vir Onderneming A was die resultate die volgende:

1965		1966
<u>18013</u>	<u>Voorraad</u>	<u>12580</u>
8759	Bedryfskapitaal	2805
= 210%		= 450%

In 1965 was daar 'n tekort van 110% aan bedryfskapitaal, teenoor 'n tekort van 350% in 1966. Die gevolg was dat lenings aangegaan moes word.

Die verhoging van 240% in bogenoemde verhouding is as gevolg van die daling in bedryfskapitaal, wat ontstaan het deur die ekstra finansiering van handelskrediteure. Die voorraad het met R5433 verminder.

i. Nettoverkope tot aandeelhoudersbelang.

Die verhouding van nettoverkope tot aandeelhoudersbelang dui die aktiwiteit van die belegging in die onderneming aan. 'n Hoër verhouding mag 'n oormatige volume van handel op 'n klein gebied van geïnvesteerde kapitaal aandui en die konsekwente gebruik vir krediet. Aan die anderkant, tot-dit dat die gevaarlike punt bereik is mag dit ekonomiese voor-uitgang en doeltreffendheid aandui. (R.A. FOULKE, op cit., p.389)

Om óór te bedryf moet daar noodwendig gebruik gemaak word van krediet en sodoende bereik laste 'n hoë merk. Oorbedryf is die proses waarby 'n oormatige volume van verkope in verhouding tot aandeelhoudersbelang gehanteer word. Omgekeerd is weer onderbedryf. Die oplossing van oorbedryf bestaan in die belegging van addisionele fondse in 'n onderneming om sodoende die aandeelhoudersbelang meer in verband met verkope te bring, sowel as die vermindering van kapitaal. (R.A. FOULKE, op cit., p.390).

In die geval van nettoverkope tot aandeelhoudersbelang bestaan daar ook geen konkrete verhouding wat as ideaal beskou kan word nie. Die gegewens van Onderneming A was:

1965		1966
<u>78765</u>	<u>Nettoverkope</u>	<u>86677</u>
29150	Aandeelhoudersbelang	30755
= 2.7		= 2.8

Die aandeelhoudersbelang is 2.7 en 2.8 in die jare 1965 en 1966 onderskeidelik ongesit.

Die geringe toename van .1 word gesien in die lig van die feit dat die verkope toegeneem het met R7,912 teenoor die toename van R1,605 in aandeelhoudersbelang.

j. Nettoverkope tot bedryfskapitaal.

'n Hoë verhouding van verkope tot bedryfskapitaal mag die resultaat wees van oorbedryf, tydelik of permanent, of dit mag die behoefte aan addisionele kapitaal aandui om 'n struktuur van ongebalanseerde beleggings in vaste bates te steun. 'n Lae verhouding mag die resultaat wees van onderbedryf, of dit mag die resultaat wees van die feit dat meer fondse in 'n onderneming belê is as wat dit tot redelike voordeel kan gebruik. Indien bedryfskapitaal te min is, is daar drie oplossings: Verhoging van bedryfskapitaal deur ongedistribueerde verdienstes te belê in vaste bates; die verkryging van addisionele kapitaal deur die verkoop van aandele of deur die belegging van kontant in die geval van private eienaarskap; die vermindering van die handelsvolume. (R.A. FOULKE, op cit , p.435)

Daar is in hierdie verhouding ook geen definitiewe maatstaf wat as basis gebruik kan word om sodoende die korrektheid van die verhouding te meet nie. Vir Onderneming A was die resultate:

1965		1966
<u>78765</u>	<u>Nettoverkope</u>	<u>86677</u>
8759	Bedryfskapitaal	2805
= 9.0		= 30.9

Die bedryfskapitaal was 9.0 en 30.9 in 1965 en 1966 onderskeidelik omgesit

Die geweldige verandering van 21.9 is weens die feit dat die omset verhoog het, teenoor 'n daling in die bedryfskapitaal van R5,954. Hierdie verhouding sou normaler gewees het indien die bedryfskapitaal ook verhoog het na ongeveer R9,000

in 1966. Redes waarom dit nie verhoog het nie is reeds voorheen bespreek.

3. Inkomstestaatverhoudings.

'n Volledige analise van die uitgaweitems word in die volgende hoofstuk behandel. Die drie belangrikste verhoudings van bogenoemde aard in die geval van Onderneming A is die bruto-, netto- en voorraad-omsetverhoudings.

a. Brutowinsverhouding.

Hierdie verhouding is van fundamentele belang in die analisering van die handelsresultate van 'n onderneming. Dit is die verhouding van die brutowins tot die nettoomset en word gewoonlik as 'n persentasie uitgedruk. In ondernemings waar daar 'n vaste prysopslag is, byvoorbeeld die drankhandel, dui die verhouding gou verliese as gevolg van diefstal, ensovoorts, aan.

'n Toename in die verhouding in vergelyking met die vorige jaar mag aandui:

i. 'n Toename in die verkoopprijs van die goedere sonder 'n ooreenstemmende toename in die koste van die goedere;

ii. 'n afname in die koste van die goedere wat nie in die verkoopprijs van die goedere gereflekteer word nie;

iii. aanvangvoorrade gewaardeer teen laer pryse as wat dit moes gewees het;

iv. aankoopsfakture uit die rekeninge uitgelaat;

v. inflasie van verkoopspryse, byvoorbeeld goedere op besending gestuur, kan beide as verkope sowel as

voorraad in besit beskou word;

vi. eindvoorraad teen te hoë syfers gewaardeer.

'n Afname in die verhouding in vergelyking met voorgaande jare mag aantoon:

i. 'n Vermindering in die verkoopprijs van goedere verkoop sonder 'n ooreenstemmende vermindering in koste;

ii. 'n toename in die koste van die goedere sonder 'n gepaardgaande vermeerdering in die verkoopspryse;

iii. eindvoorraad teen 'n te lae syfer gewaardeer;

iv. voorraad aan die einde van die periode uit

die voorraadstate gelaat. (R.K. YORSTEN, E.B. SMYTH en S.R. BROWN, op cit , p.128).

Nog 'n faktor wat hierdie verhouding sal beïnvloed, is die gebruik om die verkoopprijs van goedere te verander deur middel van op- of afmerkings. Daar moet behoorlik rekord van verkope gedurende sulke uitverkopings gehou word sodat die nodige aansuiwerings aangebring kan word wanneer die brutowinspersentasie bepaal word. Die resultate vir Onderneming A was die volgende:

1965		1966
<u>18842</u>	<u>Brutowins</u>	<u>20389</u>
78765	Nettoverkope	86677
= 23.9%		= 23.5%

Dit beteken dat daar in 1965, 23.9 sent wins was vir elke R1 se goedere verkoop, teenoor 23.5 sent in 1966.

Bogenoemde verhouding dui die resultaat van goeie bestuur aan omdat die persentasies nie veel verskil in die twee finansiële jare nie. 'n Konstante verhouding kan toegeskryf word aan goeie oordeelsvernuif aan die kant van uitvoerende beamptes, asook goeie beheermaatreëls wat toegepas

word.

b. Nettowinsverhouding.

Die verhouding van die nettowins tot die nettoomset dui aan watter deel van die verkope aan die eienaars toeval nadat alle koste in berekening gebring is. Dit is natuurlik waardevol omdat dit 'n aanduiding lewer van kostekontrole. Die verdienste van die eienaars moet voldoende wees om te vergoed vir die gebruik van geld belê en die risiko-element daarby betrokke (R.A. FOULKE, op.cit., p.572).

Oor die algemeen is gevoel dat die volume van nettoomset die aller belangrikste element in die verkryging van nettowinste is. So word gesien dat elke onderneming 'n wins- en verlieskruispunt het. Koste tot by hierdie punt word hoofsaaklik gedek deur nettoverkope, met die gevolg dat addisionele verkope meer winste tot gevolg het.

Die resultate in geval van Onderneming A was:

1965		1966
<u>2011</u>	<u>Nettowins</u>	<u>1795</u>
78765	Nettoverkope	86677
= 2.5%		= 2.1%

Die daling van .4% kan toegeskryf word aan die gedurige verhoging van inkomstebelastingtariewe. Bo en behalwe die uitermatige hoë onderhoudskoste en waardevermindering van voertuie, het die verlies op verkoop van die voertuig in 1966 ook 'n nadelige invloed op hierdie verhouding gehad.

c. Voorraad- omsetverhouding.

Hierdie verhouding word vasgestel deur die koste van goedere verkoop, te deel deur die gemiddelde voorraad. Die aard

van die onderneming sal die voorraadomset baie beïnvloed.

'n Lae voorraadomset mag die resultaat wees van swak aankope, die ophoping van verouderde voorraad of die dra van surplusvoorrade - dit is 'n gevaarteken. Indien die voorraadomset vinnig is, kan die onderneming bekostig om op 'n kleiner brutowinspersentasie te verkoop (R.K. YORSTEN, E.B. SMYTH en S.R. BROWN, op.cit., p.131).

Vir Onderneming A was die resultate die volgende:

1965		1966
3734	Beginvoorraad	5913
<u>16140</u>	Werk in voortgang	<u>12100</u>
19874		18013
5913	Eindvoorraad	5180
<u>12100</u>	Werk in voortgang	<u>7400</u>
37887		30593
9472	Gemiddelde voorraad	7648
55883	Koste van goedere verkoop	61587
5.90	Voorraad-omsetskaal	8.05

In die besondere geval is die voorraad-omset dus 5.90 en 8.05 in 1965 en 1966 onderskeidelik óf $\frac{365}{5.90}$ en $\frac{365}{8.05}$, dit wil sê eenkeer elke 61.86 en 45.34 dae.

Die verhoging in die omsetskaal van 2.15 word gereflekteer in die verhoging van omset teenoor 'n daling in die voorraadsyfer. Dit is natuurlik 'n baie goeie resultaat.

4. Inkomste - Balansstaatverhoudings.

Die twee verhoudings wat as belangrik beskou word in die analise van die Onderneming onder bespreking, is die vergoeding op totale - en eienaarsfondse.

a. Vergoeding op totale fondse.

Hierdie verhouding word bepaal deur die uitdrukking van of

die nettowins tot totale bates of die bedryfsnettowins tot die totale bates. Hierdie verhouding is dus 'n aanduiding van die verdienstekrag van die onderneming.

Die verhouding vir Onderneming A was die volgende:

1965		1966
43137	Totale Bates	67803
<u>127</u>	<u>Min:</u> Oprigtingskoste	<u>127</u>
43010		67676
<u>5532</u>	<u>Min:</u> Klandisiewaarde	<u>5532</u>
37478	Nettobates	62144
<u>2011</u>	<u>Nettowins</u>	<u>1795</u>
37478	Nettobates	62144
= 5.36%		= 2.89%

Die daling van 2.47% het ontstaan uit die groot belegging in vaste bates en die daling in die nettowins as gevolg van faktore bespreek onder punt (e).

b. Vergoeding op eienaarsfondse.

Dit is 'n verhouding wat die verdienvermoë aantoon van die fondse wat in die onderneming deur die eienaars belê is. Hierdie persentasie is van praktiese belang vir aandeelhouders en voornemende aandeelhouders, aangesien die verdienstekapasiteit van die onderneming met dié van ander soortgelyke ondernemings vergelyk kan word. Voordat 'n mening oor die moontlikhede van 'n onderneming gevorm kan word, moet die bekwaamheid van die bestuur, die waarskynlike aanvraag vir die maatskappy se produkte asook die industriële en ekonomiese toestande in ag geneem word. Om 'n behoorlike resultaat van hierdie verhouding te kry, is dit nodig dat die jare wat in oënskou geneem word, se nettowinste van die aandeelhoudersbelang afgetrek word (eie waarneming).

Die gegewens ten opsigte van Onderneming A was die volgende:

1965		1966
29277	Aandeelhoudersbelang	30882
<u>127</u>	<u>Min:</u> Oprigtingskoste	<u>127</u>
29150		30755
<u>2011</u>	<u>Min:</u> Nettowins	<u>1795</u>
27139	Nettobelang	28960
<u>2011</u>	<u>Nettowins</u>	<u>1795</u>
27139	Nettobelang	28960
= 7.41%		= 6.20%

Die daling van 1.21% is as gevolg van 'n daling van R216 in die winssyfer, asook 'n verhoging van R1,821 in die nettobelang.

Behalwe vir genoemde verhoudings is die terme van oor- en onderkapitalisasie ook van wesenlike belang in die geval van verhoudingsanalise. Die term onderkapitalisasie dui aan dat 'n onderneming buite verhouding is tot die waarde van sy verrigtinge en word gewoonlik geopenbaar deur 'n buitengewone verhouding van geleende kapitaal of handelskrediteure tot aandeelhouders se kapitaal. Dit het dus nie genoeg kapitaal om in sy behoeftes te voorsien nie. Dit kan dan oorbedryf tot gevolg hê. Verder kan dit ook die resultaat wees van 'n langdurige proses teweeggebring deur aanhoudende uitgawes op kapitaalbates wat nie gedek is deur winste wat in die onderneming geakkumuleer is nie, of dit kan die resultaat wees van sakeuitbreiding wat die dra van groter voorrade en verleen van meer krediet verg. Vgl. R.A. FOULKE, op.cit., p.391).

Sommige van die invloed van onderkapitalisasie is onder meer die verhoogde koste van goedere aangekoop as gevolg van ekstra krediet verlang op aankope. Tweedens, die betaling van

rente op oormatige lenings en derdens, die gebruik van verouderde masjinerie as gevolg van gebrek aan fondse om nuwe masjinerie aan te koop.

Onderkapitalisasie word verder blootgelê deur 'n tekort aan bedryfskapitaal en 'n lae likiede-verhouding. Rekonstruksie of likwidasië mag volg as gevolg van onderkapitalisasie. Die redes vir onderkapitalisasie is baie kortliks die volgende:

i. Die winskoers is onderskat, of anders gestel, die winskoers is te hoog gestel, maar veral van belang is dat die onderneming meer transaksies aanvaar as waartoe dit in staat is.

ii. Daar is te veel kapitaal belê in vaste bates.

iii. Die gelde opgesluit in voorraad en boekskulde is te veel.

iv. Dividende uitbetaal aan die direkteure vanuit die winste is te hoog. (eie waarneming).

Oorkapitalisasie kan die beste getoets word met verwysing na die verdieningskapasiteit van 'n onderneming. 'n Onderneming is oorgekapitaliseer wanneer 'n gedeelte van die kapitaalfondse nie behoorlik produktief aangewend word nie. Die diwidendposisie sal dus uiteindelik beïnvloed word en die oorkapitalisasie dui dus aan dat te veel kapitaal beskikbaar is vir die behoeftes van die maatskappy en dat 'n groot gedeelte van die kapitaal belê is in bates wat nie produktief is nie. (R.A FOULKE, op.cit., p.391).

Die redes vir die ontstaan van oorkapitalisasie is onder andere die volgende:

i. Die wins van die onderneming is oorskat.

ii. 'n Buitengewone verlies het ontstaan wat veroorsaak dat die toekomstige wins nie meer so hoog sal wees nie.

iii. Oorskotkapitaal is nie produktief aangewend nie (eie waarneming).

Opsommenderwys word die behandelde balansstaatverhoudings aangedui in Aanhangsel H.

5. Bron en aanwending van fondsestaat.

a. Inleiding.

'n Kenmerk van die ontwikkeling in Rekeningkunde en rekeningkundige begrippe is dat die finale rekeninge en state opgestel moet word met die doel om die belanghebbende persone met soveel inligting moontlik te voorsien. Dit is vir hulle net so belangrik om te weet watter fondse gedurende 'n periode beskikbaar was en hoe daardie fondse aangewend is, as wat dit is om te weet hoeveel wins gedurende die periode gemaak is. Hierdie inligting kan verkry word uit 'n bron en aanwending van fondsestaat, soms ook genoem 'n fondsestaat, wat die veranderinge aandui wat tussen twee balansstaatdatums plaasgevind het. 'n Staat van hierdie aard toon 'n verwantskap maar is iets heeltemal anders as 'n staat van kontantontvangstes en-uitbetalings. In laasgenoemde geval word die totale ontvangstes en die totale uitbetalings getoon, terwyl in eersgenoemde geval alleenlik die nettoveranderinge aangedui word met die gevolg dat die resultaat van 'n transaksie of 'n reeks transaksies op die

finansiële posisie van 'n onderneming op 'n treffender wyse weergee word (R.A. FOULKE, op.cit., p.473).

b. Die begrip fondse.

Fondse, in hierdie spesifieke tipe staat, kan meer beskou word as 'n bedryfskapitaalfonds om dit te onderskei van werklike kontantfondse. Hierdie begrip mag gedefinieer word as bedryfsbates minus bedryfslaste of om as alternatief te stel, daardie deel bedryfsbates wat gefinansier word uit fondse anders as bedryfslaste. Wanneer enige bate bekom word, word geld daarin belê. Alhoewel dit nie altyd vir kontant gekoop kan word nie word daar tog een of ander vorm van ruilmiddel aangebied. Indien die bate op rekening aangekoop word ontvang die onderneming 'n fonds ten spyte daarvan dat geen kontant die onderneming binne gaan nie. 'n Verhoging in bedryfslaste verskaf die bron waaruit die fondse ontstaan, met ander woorde, 'n verhoging in rekenings betaalbaar is die bron in hierdie geval en 'n verhoging in die waarde van die bates is die aanwending van die fonds (vgl. R.A. FOULKE, op cit., p.473).

In elke onderneming kom fondse hoofsaaklik uit vier bronne terwyl die aanwending ook vir vier verskillende doeleindes benut kan word. (Vgl. R.A. FOULKE, op.cit., p.474).

- i. Die verdienste van die onderneming, dit is, die nettowins;
- ii. 'n verhoging in laste;
- iii. 'n vermindering in bates en
- iv. bydrae van addisionele fondse.

Die aanwending van fondse kan kortliks as volg saamgevat word:

- i. 'n nettoverlies;
- ii. 'n vermindering in laste;
- iii. 'n verhoging in bates en
- iv. 'n vermindering in kapitaal fondse.

Vrae soos wat met die winste gebeur het , hoekom die bank-oortrekking vermeerder het alhoewel daar winste gemaak is en hoe die ontvangstes gedurende die jaar aangewend is, is voorbeelde wat opgeklaar sal word indien 'n bron en aanwending van fondsestaat opgestel word.

c. Die opstelling van 'n bron en aanwendingstaat.

Die eerste stap by die opstelling van hierdie staat is om besonderhede van variasies in bates en laste aan te toon op 'n werkstaat waarop die nodige regstellings gemaak kan word. Die eerste twee kolomme word gebruik om die verandering tussen die jare 1965 en 1966 aan te dui. Die volgende twee kolomme staan bekend as die aansuiweringskolomme. Die volgende op hierdie kolomme is twee kolomme om die toe- of afname in bedryfskapitaal aan te toon. Die laaste twee kolomme dui die bronne van fondse en die aanwending van fondse aan.

In belangrike punt om in gedagte te hou, is dat nie-kontant-items wat in die wins- en verliesrekening afgeskryf is (bv. waardevermindering), bygetel moet word om die bedrag van die fondse vas te stel wat deur die winste beskikbaar gestel is. Die bedrag aldus afgeskryf voorsien 'n vermeerdering in fondse.

'n Behoorlike gelinieerde werkstaat sal soos volg daar uit-sien.

Fondse aangewend vir:

Grond en geboue	19,979
Voertuie	5,937
T.V.Z.-Motors	297
	<u>R26,213</u>

Dit is dus baie duidelik dat die meerderheid fondse aangewend is vir belegging in vaste bates. Opvallend is ook dat die meerderheid fondse verkry is uit eksterne bronne, wat miskien nie 'n goeie beleid is nie.

---oOo---

HOOFSTUK V.

'N UITGAWEANALISE EN DIE BEPALING VAN KOSTE VAN GOEDERE VERKOOP VANUIT DIE STATE VAN ONDERNEMING A.

1. Inleiding.

Sedert die ontstaan van die kosteproblematiek was daar reeds uiteenlopende idees. Wat vir baie individue 'n inkomste is, is vir ander 'n koste. So byvoorbeeld vorm lone vir die werknemer 'n inkomste, maar vir die werkgewer is dit 'n koste. Hierdie opvatting gee dan 'n verbesonderingsprobleem, omdat die koste na sowel die kostekant as die inkomstekant verbesonder kan word. (A.J.E. SORGDRAGER en F.P. VILJOEN, op cit., Deel II, p.25).

Alvorens 'n analise van die items in die wins- en verliesrekening van Onderneming A gemaak word, is dit nodig om eers sekere verduidelikings en opvattinge van 'n paar outeurs te gee oor wat onder uitgawe en koste verstaan word.

2. Koste en uitgawes.

Volgens A.J.E. SORGDRAGER (op.cit., p.66) „speel uitgaafprys die rol van 'n waarde-oordeel op die moment van verskaffing; na die aanskaffing speel die waarde-oordeel dan geen rol weer nie“. Vir berekening van koste en kosprys is die uitgaweprys 'n historiese element met die gevolg dat dit onbruikbaar is. Ingesluit in uitgawes, soos verskyn op die wins- en verliesrekening is daar ook 'n mate van verspillings wat nie noodsaaklik was vir die produksie van 'n produk nie. Deur die kostebegrip aan die waardebegrip te skakel, is aan die begrippe kosprys en koste 'n ekonomies inhoud gegee (vgl.

A.J.E. SORGDRAGER en F.P. VILJOEN, op cit., p.41).

Volgens H.J. SWANEPOEL (-Die toedeling van koste na die omvang van die produksie, Potchefstroom, 1965, p.13) kan as koste gereken word „alle materiaal, menslike en meganiese arbeid vir sover dit vir die produksieproses onvermydelik is”.

Hy is ook van mening dat daar nie van koste gepraat kan word, tensy die opgeofferde waarde nie 'n waardevolle bydrae tot die voortbrenging van die produk gelewer het nie.

Die vereiste van 'n koste om as sodanig geklassifiseer te word, is dat dit tegnies vereis en ekonomies onvermydelik moet wees. Hierdie idee impliseer dat verspillings in die kosprys uitgeskakel moet word (A.J.E. SORGDRAGER en F.P. VILJOEN, op. cit., p.44).

Ondoelmatige offers is verspillings en moet as ondernemingsverliese beskou word.

Indien daar in die vervaardiging van stene 'n breuk ontstaan in een van die oonde, is dit 'n ekonomiese nadeel. Indien die breuk egter veroorsaak is deur nalatigheid, is dit 'n verspilling.

Die neiging is om verspillings gelyk te stel aan meerverbruik, en dit is verkeerd. Die oorsake van meerverbruik kan volgens A.J.E. SORGDRAGER (op. cit., p.65) gesoek word in:

a. „ondoeltreffende uitvoering deur 'n groter verbruik aan produksiemiddele as wat vir die doeltreffende uitvoering nodig is en

b. 'n te ruime voorsiening produksiemiddele"

H.J. SWANEPOEL (op.cit., 16) het 'n aanvaarbare skema uitgewerk om tot 'n goeie grondslag te kom. Sien Aanhangsel I.

Vir analise van die items in die wins-en-verliesrekening in hierdie skripsie word die beginsel aanvaar dat die items beskou kan word as uitgawes, omdat die kostenorm 'n sekere mate van verspillings bevat, wat nie tegnies vereis en ekonomies onvermydelik was nie.

3. Uitgaweanalise.

Om 'n analise te maak van elke uitgaweitem is beslis nie nodig nie; daarom sal slegs die belangrikste groepe betrek word. Elk van hierdie groepe sal tot die nettoverkope geanaliseer word, vir beide 1965 en 1966, en enige noemenswaardig styging of daling sal ontleed word om die nodige oplossing te vind.

Die groepsindeling van die uitgaweitems sal as volg bespreek word:

- i. Materiaalaankope en lone.
- ii. Direkteurssalarisse.
- iii. Huur.
- iv. Onderhoudskoste van masjinerie en voertuie.
- v. Rente.
- vi. Versekering.
- vii. Waardevermindering.
- viii. Diverse.

In die geval van 'n uitgaweanalise van Onderneming A sal daar hoofsaaklik gebruik gemaak word van Aanhangsels B en C.

a. Materiaal en Lone.

Vir doeleindes van analise word pasfooie en heffings ook ingesluit onder hierdie indeling. Die totale uitgawe vir Onderneming A was:

1965		1966
44919	Materiaalaankope	44261
13143	Lone	16593
<u>85</u>	Pasfooie en Heffings	<u>238</u>
58147		61092

Uitgedruk tot die nettoverkope is die resultate 73.82% en 70.48% vir 1965 en 1966 onderskeidelik. Die rede vir die daling van 3.34 is te wyte aan die feit dat lone met R3,450 toegeneem het, asook die gepaardgaande verhoging in pasfooie en heffings van R153,00. Hierteenoor het die verkope toegeneem met R7912. Die rede vir die geweldige loonsverhoging is te wyte aan die feit dat afsetgebiede ver uitmekaar geleë is. Die gevolg hiervan is dat baie spandeer word aan tydreiskoste. In sommige gevalle word twee vol dae hieraan afgestaan, wat noodwendig die koste hieraan verbonde laat styg. 'n Verdere rede vir die styging is die geweldige uitbreiding wat plaasgevind het, wat noodwendig meer arbeidskaragte vereis het. Materiaalaankope in 1966 is wel minder dan in 1965. Die rede hiervoor is 'n baie hoër beginvoorraad asook 'n laer werk-in-voortgangswaarde. Bogenoemde uitgawes kan beskou word as veranderlike koste, dit wil sê, koste wat verander namate produksie verander.

b. Direkteurssalarisse.

Die salarisse betaal aan direkteure het afgeneem van R10,800 in 1965 na R7,200 in 1966. 'n Nettoafname dus van R3,600.

As persentasie van verkope is dit 13.71% en 8.31% in 1965 en 1966 onderskeidelik. Die rede vir die daling is toe te skryf aan die opmerkzaamheid en intuisie van die twee direkteure. Onmiddellik nadat die terugslae ondervind is met die vragmotors (sien iv), en daar nuwe voertuie aangekoop moes word teen 'n groot kapitale belegging, is besef dat daar minder salarisse getrek sal moet word om aan die einde van die jaar 'n wins te kan toon.

Die gepaardgaande styging in waardevermindering is ook in aanmerking geneem. Deur gedurig op hoogte te bly met sake, is daar besef dat die uitgawes meer beloop as in die vorige jare. Genoemde redes het die direkteure se oë wyd geopen en is daar besef dat sukses alleenlik afhang van hul verantwoordelikheid. Die wyse besluit om in 1966 minder salarisse te trek, mag miskien in die toekoms alleenlik tot voordeel van die organisasie strek.

c. Huur.

Huurgeld het R600 en R280 in 1965 en 1966 onderskeidelik bedra. In verhouding tot die nettoverkope is dit .76% en .32% 'n Persentasie daling van .44% of anders gestel, 'n afname van R320. Tot en met Junie 1965 is 'n perseel nog gehuur teen 'n minimale huurgeld. In die loop van hierdie maand is die noodsaaklikheid van meer kantoor- en werksruimte besef. 'n Erf is gekoop in Uraniaville en spoedig is daar begin met die oprigting van 'n gebou. Intussen is persele nog gehuur vir 'n periode van 4 maande teen 'n huurgeld van R70 per maand. Bogenoemde is dus die rede vir die groot afname in huur. Wat egter onthou moet word, is dat die oprigting van die gebou addisionele uitgawes te-

weegbring het en wel in die vorm van rente wat betaal moes word aan die firma Piet Retief & Kie., vir lenings aangegaan vir die aankoop van die perseel asook die oprigtingskoste van die geboue. 'n Verdere uitgawe, te wete, eiendomsbelasting het ook ontstaan wat nie in 1965 en vroeër jare betaal is nie.

d. Onderhoudskoste.

Hieronder word ingesluit die onderhoudskoste van voertuie, masjinerie en toerusting. Vir die onderskeie jare beloop die totale uitgawe die volgende vir Onderneming A:

1965		1966
1247	Voertuie	4602
<u>267</u>	Masjinerie en Toerusting	<u>364</u>
1514		4966

'n Nettotoename van R3,452. Uitgedruk as persentasie van die nettoverkope beloop dit 1.92% in 1965 en 5.73% in 1966, wat 'n persentasie styging van 3.81% beteken. Die rede vir hierdie geweldige styging word gevind in die feit dat twee vragmotors van die hand gesit moes word as gevolg van onverwagte moelikhede. Gedurende die 1966-finansiële jaar is kontraktuele werke verrig in Swaziland. Bo en behalwe die groot afstande wat afgelê moes word, is die vragmotors ook heelwat verniel as gevolg van die bergpasse wat gevolg moes word. Om reiskoste tot 'n minimum te beperk, is die voertuie soms oorlaai van voorrade, wat nadelige uitwerking op die voertuie gehad het. Radikale foute het in die meganiese dele ontstaan met die gevolg dat die onderhoudskoste te hoog geword het en die enigste manier om dit te bowe te kom, was of om dit te herstel of die voertuie te verkoop. Laasgenoemde moontlikheid is deur die bestuur gevolg.

e. Rente.

Die rente vir die twee jare sluit onder meer die volgende in:

1965		1966
437	Oortrokke bank	429
-	Piet Retief en Kie.	587
<u>120</u>	Mnr. X	<u>120</u>
557		1136

Bogenoemde toon dus 'n verhoging van R579. In verhouding tot die nettoverkope is die onderskeie persentasies .71% en 1.31%, met ander woorde, 'n styging van .60%. Die grootste faktor wat verantwoordelik is vir hierdie toename is die rente wat betaal is aan Piet Retief & Kie. Dit is rente wat op lenings aangegaan is vir die aankoop van die bestaande perseel, asook vir die oprigting van die geboue. Die R120 rente wat jaarliks aan meneer X betaal word, is volgens 'n onderlinge ooreenkoms tussen die twee direkteure. Hierdie ooreenkoms is aangegaan omdat meneer X 'n bedrag van R4,000 meer belê het as meneer Y, waarophy 3% per jaar rente ontvang. Rente op oortrokke banksaldo is nie 'n buitengewone verskynsel nie, aangesien talle ondernemings van hierdie metode van finansiering gebruik maak.

f. Versekering.

Uit aanhangsel B word gesien dat versekering vir die jare 1965 en 1966 soos volg opgemaak word vir Onderneming A:

1965		1966
27	Werkloosheid	35
349	Ongevalle	330
<u>159</u>	Voertuie	<u>439</u>
535		804

Tot die nettoverkope verteenwoordig die bedrae persentasies van .68% en .93% onderskeidelik. Die persentasie op voertuie alleen is .50% in 1966. Hierdie verhoging is te wyte aan die aankoop van twee nuwe voertuie (redes genoem onder iv). Die styging in werkloosheidsversekering is as gevolg van die verhoging in lone.

g. Waardevermindering.

Die onderskeie bedrae wat die totale waardevermindering uit maak, is onder andere dié op voertuie, masjinerie en meubels, Vir die twee rekeningkundige periodes is dit vir Onderneming A:

1965		1966
911	Voertuie	1549
591	Masjinerie	709
6	Meubels	11
<u>1508</u>		<u>2269</u>

Die waardevermindering op voertuie in 1966 is meer as die totaal van al drie genoemde items in 1965. As persentasie van verkope is die totale waardevermindering dus 1.91% en 2.62% onderskeidelik. 'n Toename van .71%. Die rede hiervoor word ook gevind in die feit dat voertuie verkoop en aangekoop is (sien punt iv). Bo en behalwe die waardevermindering op genoemde voertuie is daar ook nog 'n nettotoename van R118 op masjinerie, wat 'n persentasietoename van 20% is. Hierdie toename is toe te skryf aan die feit dat die bedrag waarop waardevermindering van 1965 afgeskryf is laer was as die in 1966. Die openingswaarde van masjinerie in 1964 was R4,761. Gedurende die jaar is masjinerie aangekoop in Januarie, April en Junie 1965 ten bedrae van R1,675.30, R417.16 en R638.50

onderskeidelik. Al die bogenoemde bedrae is in berekening gebring vir 'n volle jaar se waardevermindering in 1966, terwyl dit in 1965 alleenlik vir die tydperk vanaf aankope tot die einde van die finansiële jaar bereken is. Dieselfde rede geld ook vir die styging in waardevermindering van meubels en toerusting.

h. Diverse.

Vir analisedoeleindes word die volgende items almal ingesluit onder bogenoemde indeling: die geval van Onderneming A:

1965		1966
96	Advertensie	115
229	Bankkoste	115
131	Lisensie	158
189	Ouditfooie	252
26	Skryfbehoeftes	140
212	Telefoon	143
54	Verversings	25
<u>295</u>	Water en ligte	<u>340</u>
1232		1288

As persentasie van die nettoverkope is dit 1.56% en 1.49% onderskeidelik. Alhoewel daar 'n geringe verskil van 07% bestaan, is dit opvallend dat alle items jaarliks voorkom en in wese nie veel verskille oplewer nie. Genoemde uitgawes kan dus as vastekoste beskou word, met ander woorde, koste wat nie verander namate produksie toe- of afneem nie. Die groot verandering in bankkoste is toe teskryf aan die feit dat alleenlik met tye tjeks van buitedorpe ontvang word. Vir die verskil in skryfbehoeftes kan aangevoer word dat daar nie elke jaar voorraadopname gemaak word nie, asook die feit dat

daar 'n groot voorraad aan die begin van 1965 was.

Alvorens 'n vergelyking getref kan word tussen die twee jare se nettowinste, is daar skere regstellings wat eers gemaak moet word. Hierdie regstellings is die verlies op verkoop van voertuie, die oormaat onderhoudskoste en die verhoging in waardevermindering van voertuie. Vir 1965 is dit nodig om die direkteurssalarisse reg te stel. Die aangepaste wins vir die onderskeie jare is dan soos volg:

1965

Wins vir die jaar	R2,011
Direkteurssalarisse	<u>3,600</u>
	R5,611

1966

Wins vir die jaar	R1,795
Verlies op verkoop van voertuie	334
Onderhoudskoste	3,200
Waardevermindering	<u>720</u>
	R6,049

Die persentasie styging is 7.8%. Die nettowins in geval van Onderneming A kan nie baie noukeurig uitgewerk word nie. Die rede hiervoor is die konkurrensie op verskillende plekke. So is die mededinging 100% en 93% in die gebiede Ottosdal en Klerksdorp onderskeidelik (volgens H.C. Swanepoel).

4. Kosterekords.

As hulpmiddel vir bestuur om behoorlik kontrole te kan hou oor alle inkomste en uitgawes, is dit wenslik dat maandelikse inkomste- en kostestate opgestel word. Sulke state is onder meer 'n wins- en verliesrekening vir finansiële doeleindes asook 'n staat van koste van goedere verkoop vir kosteberekeningdoeleindes. Indien behoorlike begrotings bestaan, is dit wenslik om 'n staat op te stel wat die werklike resultate teenoor die begrote bedrae aandui, met 'n kort uiteensetting van variasies, indien daar enige is.

Soos reeds in die begin genoem, beskik Onderneming A oor geen kostestelsel nie; daarom sal dit raadsaam wees om 'n staat van koste van goedere verkoop, asook bykomende skedules, vanuit die wins- en verliesrekening van Onderneming A op te stel.

a. Koste van goedere verkoop.

Die bepaling van die koste van goedere verkoop, soos aangedui in Aanhangsel B, is uit 'n kosteberekeningsoogpunt nie 'n ware en redelike weergawe nie, omdat nie alle offers wat met produksie en oprigting te doen het, in berekening gebring is nie. Vir die opstel van 'n staat van koste van verkope moet die offers geklassifiseer word as materiaal, arbeid en bokoste. Alvorens bogenoemde staat opgestel word, is dit nodig om 'n klassifikasie van die bedryfs, wins- en verliesrekening-items te maak om aan te dui welke items tegnies vereis en ekonomies onvermydelik was in die vervaardigings- en oprigtingsfunksie van Onderneming A. Die redes vir klassifikasie van items as materiaal, arbeid, bokoste, verkoops- en administratiewe koste asook ander koste word kortliks omskrywe:

1. Direkteurssalarisse.

Soos duidelik blyk uit die pligte van die direkteure, moet 'n gedeelte van hul salarisse as indirekte arbeid beskou word, terwyl die oorblywende deel as verkoops- en administratiewe koste beskou word.

ii. Telefoon.

Op aanbeveling van die direkteure word 75% van bogenoemde beskou as 'n koste wat direk verband hou met vervaardiging, terwyl die ander 25% aangewend word vir verkryging van markte en bevordering van verkope.

iii. Algemeen.

Alle koste rakende voertuie word ook beskou as 'n verhoging van produksiekoste. Die verklaring hiervoor is dat die voertuie alleenlik gebruik word vir die vervoer van ru-materiaal en gedeeltelik vervaardigde goedere.

Die gebou is so gekonstrueer dat daar geen kantoorryimte is vir administratiewe personeel nie, met ander woorde, die hele oppervlakte word in beslag geneem deur masjinerie en produksiefasaliteite. Die gevolg is dat onderhoudskoste, waardevermindering en alle gepaardgaande koste wat direk verband hou met die gebou, as produksieboekoste geklassifiseer word.

Pasfooie en heffings word beskou as 'n verwante koste van produktiewe lone en word as sodanig geanaliseer.

Advertensiekoste, skryfbehoeftes, 'n gedeelte van direkteurssalarisse en telefoon word beskou as verkoops- en administratiewe koste, terwyl bankkoste, ouditfooie, verversings en verlies op verkoop van voertuig as ander koste beskou word.

Rente betaal aan Piet Retief en Kie., meneer X en oortrokke bank is produksiebokoste omdat die nodige fasaliteite verkry is vir die aankoop van ru-materiaal en die oprigting van die fabrieksgebou. Huur, eiendomsbelasting, water en ligte, lisensie en versekering is almal geklassifiseer onder fabrieksproduksiebokoste.

b. Vergelyking tussen die finansiële en kostebeskouing van koste van goedere verkoop.

In die finansiële state van Onderneming A (sien Aanhangsel B) is die koste van verkope aangegee as R55,883 en R61,588 vir 1965 1966 onderskeidelik. By die opstel van die staat van 'n koste van goedere verkoop (sien Aanhangsel J) is die onderskeie jare se koste van verkope R70,707 en R80,265. Hierdie noemenswaardige verskil kan toegeskryf word aan die feit dat daar in eersgenoemde geval alleenlik elemente van materiaal en arbeid in berekening gebring is. Dit gee outomaties 'n radikaal verkeerde syfer aan bestuur. Indien daar egter gebruik gemaak word van behoorlik kosterekords, wat gereeld aan die bestuur voorgelê word, sal daar geen sprake wees van die verskaffing van verkeerde inligting nie.

Die resultaat van bogenoemde het tot gevolg dat die brutowinsyfer ook nie 'n juiste en ware weergawe is nie. Onder eersgenoemde metode is die brutowinste, in die state aangedui as bedryfswins, vir die verskillende tydperke R18,842 en R20,389 onderskeidelik, teenoor R8,058 en R6,412 (sien Aanhangsel K) in laasgenoemde geval. Bo en behalwe genoemde voordele dui dié staat ook die hoeveelheid materiaal wat verbruik is in die produksieproses aan.

Indien Onderneming A 'n behoorlike kostestelsel gehad het, kon kontrolerekenings vir materiaal, arbeid en bokoste bestaan het. Hierdie beheer en maatreels bestaan egter nie, met die gevolg dat daar geen werklike kontrole bestaan oor die onderskeie hoeveelhede van elke element wat in die voltooide en half voltooide goedere vervat is nie. 'n Volledige uiteengesette metode van 'n kostestelsel vir Onderneming A is nie die doel van hierdie skripsie nie, tog is dit wenslik om 'n paar redes te noem waarom 'n onderneming 'n behoorlike kostesisteem moet hê.

c. Belangrikheid van 'n kostesisteem.

Die volgende redes kan as belangrik beskou word vir 'n onderneming om oor 'n kostesisteem te beskik:

i. Vir bestuurskontrole en verslae is dit nodig om die koste van materiaal, arbeid en bokoste in die vervaardiging van een of meer artikels te bepaal.

ii. Dit is vir bestuur moontlik om enige vermindering aan te bring, alleenlik nadat hulle 'n deeglike studie gemaak het van die eenheidskoste van 'n produk. So 'n eenheidskoste kan verskaf word deur die hou van 'n kostesisteem. Koste kan verminder word deur verbeterde tegnieke, nuwe masjinerie, bestuursbesluite en oortydvermindering. Kostekontrolle word dus toegepas.

iii. As maatstaf vir verkope is die eenheidskoste. Indien die eenheidskoste beskikbaar is, kan verkoopspryse onmiddellik aangepas word om tred te hou met mededinging.

iv. Die voorbereiding van verslae vir bestuursbesluite word vergemaklik deur 'n doeltreffende kostestelsel.

Verslae wat handel oor periodieke vergelykings tussen materiaal, arbeid, bokoste, verspillings en distribusiekoste stel bestuur in staat om die nodige kostekontrolle uit te oefen. (A.J.E. SORGDRAGER en F.P. VILJOEN, op cit., p.4).

d. Algemeen.

Die verband tussen finansiële en kosteberekening is dat albei dieselfde kenobjek het, maar dat die ervaringsobjek verskil. Die kosterekenmeester is gemoeid met die verskynsels binne die onderneming en gee hierdie verskynsels as hulpmiddel vir bestuur om besluite te kan neem. A.J.E. SORGDRAGER (op cit., p.23) is verder van mening dat finansiële rekeningkunde klem lê op die finansiële verskynsels en die voorlê van state om die finansiële posisie aan te dui.

Waar kosteberekening nog altyd 'n inherente deel van finansiële rekeningkunde gevorm het, is dit daarvan losgemaak met die uitdruklike doel om gegewens doeltreffender vir bestuur aan te bied. Alhoewel dit twee afsonderlike begrippe is, is dit onafskeidbaar van mekaar.

HOOFSTUK VI.

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS.

Waar Onderneming A oor geen kostestelsel beskik nie, is dit wenslik om baie kortliks 'n stelsel aan te beveel wat van praktiese waarde vir die bestuur sal wees. Soos duidelik blyk uit die skripsie het dié onderneming hoofsaaklik te doen met die vervaardiging en oprigting van staalskure, met ander woorde, die voltooiing van sekere take daarom is die geskikste 'n kontrakrekeningstelsel. Hiervolgens word afsonderlike rekenings vir elke kontrak of taak gehou. Die prosedure wat gevolg word, behels onder meer:

a. Vir elke kontrak word 'n nommer uitgereik vir identifisering met elke transaksie insake die kontrak. Dit vergemaklik die toedeling van materiaal, arbeid en bokoste.

b. Daar bestaan 'n rekening vir elke kontrak, wat gedebiteer word met alle direkte koste en gekrediteer word met die kontrakprys.

c. Hulpboeke vir materiaal, arbeid en bokoste moet apart gehou word, met toepaslike gelinieerde kolomme. Die onderskeie totale word na die kontrakrekening oorgedra (vgl. A.J.E. SORGDRAGER, op.cit., p.340).

In wese is daar geen onderskeid tussen 'n taakkostestelsel en bogenoemde aanbevele stelsel nie, daarom sal die voor- en nadele in laasgenoemde geval weinig verskil van dié soos saamgevat deur A.J.E. SORGDRAGER (op.cit., p.352).

1. Voordele.

a. Om die bokoste en toegedeelde bokoste na produkte

te bepaal, is 'n stelsel van begrotingsbeheer noodsaaklik. Voorafbepaalde koerse moet vasgestel word.

b. 'n Behoorlike basis van tender kan bestaan, omdat die bepaling van toegedeelde bokoste-koerse beramings vergemaklik.

c. Koste moet daaglik geboekstaaf word, en dit stel bestuur in staat om genoegsame beheer uit te oefen.

d. Sodra 'n taak voltooi is, is die bepaling van materiaal, arbeid en bokoste moontlik. Oorboekings na die kontrakrekening moet gedoen word. 'n Vergelyking met die tenderprys is dus moontlik, om sodoende die winsgewendheid te bepaal.

e. Hierdie stelsel word na verloop van tyd waardevolle statistieke.

f. Aan die einde van elke periode kan die oor- of ondertoegedeelde bokoste baie maklik bepaal word.

2. Nadele.

a. Bestuur mag nie bewus wees van die feit dat verspillings by die kosprys ingesluit is nie.

b. Meer klerklike arbeid word vereis om dié stelsel behoorlik te laat funksioneer.

c. Indien die daaglikse koste nie na behore geïnterpreteer word nie, is dit nie waardevol nie.

Uit die ontleding van die finansiële state, het dit duidelik geword dat Onderneming A ondergekapitaliseer is. Die redes is asgevolg vandie belegging in vaste bates wat hoofsaaklik

gefinansier is uit eksterne bronne. Die gevolg is dat daar 'n gebrek aan bedryfskapitaal ondervind word. Die toename in buite verpligtinge dui onwillekeurig aan dat die onderneming nie in die vermoë was om die gebou op te rig nie. 'n Moontlike oplossing kan gevind word indien die gebou verkoop word met die doel om dit weer te huur. Hierdie metode sal die bedryfskapitaalposisie baie verbeter, en die belegging in vaste bates sal nie buitensporig wees nie.

'n Verdere maatreël teen onderkapitalisasie is om meer kapitaal in die onderneming te stort deur óf 'n terugploeging van winste óf deur 'n kontantstorting. As alternatief is dit ook moontlik om langtermynlenings aan te gaan. Alhoewel dit 'n addisionele rentelas teweegbring, het dit die voordeel dat krediteure betaal kan word teen 'n diskonto.

Om die likiede posisie te verbeter, is dit aan te beveel dat die organisasie van werksverrigtinge só gereël word, dat die voorsiening van materiaal aan die onderskeie werksgebiede, deur minder voertuie behartig kan word. Sodoende kan daar van die voertuie van die hand gesit word, wat outomaties meer fondse sal verskaf.

Die hoë bedrag verbonde aan ontvangbare rekeninge is nie te versmaai nie. Die rede hiervoor is die vertraging van oeste wat tot gevolg gehad het dat klante nie oor die nodige kontant beskik het om hul rekenings te vereffen nie. Hierdie ongerymdheid is uit die weggeruim deurdat rekenings gedurende Julie 1966 betaal is.

Die brutowinspersentasie dui daarop dat die bestuur die nodige kontrole uitgeoefen het. Dit moet egter onthou word dat nie alle koste in aanmerking geneem is nie. In die finansiële state is alleenlik materiaal en arbeid in berekening gebring vir die bepaling van die brutowins. Alle ander koste is teen die brutowins afgespeel om sodoende die nettowins te kry.

Afgesien van bogenoemde toon die nettowinspersentasie nie die verlangde resultate nie. In beide jare was dit geweldig laag. Om hierdie posisie enigins te verbeter, kan die bestuur daaraan dink om voorraad teen 'n laer prys aan te koop óf om die vervaardigde goedere se pryse te verhoog.

Die beleid van die onderneming om aan sekere klante uitermatige krediet te verleen, mag op die langtermyn nie 'n gesonde beginsel wees nie. Net soos in enige ander onderneming, is dit vir die bestuur van Onderneming A ook belangrik om te onthou dat die keuse van afsetmarkte baie noukeurig moet geskied.

Ten slotte kan genoem word dat die doeltreffendheid van bestuurskontrole op 'n hoë vlak is. Dit mag wees dat die direksie te hoog gemik het. 'n Bewys hiervan is die groot belegging in vaste bates; tóg moet dit ter ere nagegee word dat met menere X en Y as direkteure daar geen taak te groot is wat nie oorkom kan word nie.

ENGLISH SUMMARY.

The aim of this script was to analyse and interpret financial statements of an enterprise to obtain the profitability as well as management efficiency. To achieve abovementioned particulars, a financial and expenditure analysis of the most important statements, were made.

In chapter I a terminological justification was given to clarify certain ideas used in this script.

In chapter II an introduction to the analysis and interpretation of financial statements was given. A distinguish between internal and comparative analysis was made. Internal analysis has to do with the analysis of items or a group of items in the construction of an enterprise. Comparative analysis is the analysis of the same items or groups of items in two or more similar enterprises.

Chapter III deals with the origin and history of Enterprise A.

In chapter IV a financial analysis is made using various ratio analysis. A source and application of funds illustrates how funds were obtained and applicated. The majority of funds were investe^d in fixed assets.

In chapter V an expenditure analysis of the profit and loss account was made, by expressing it to the net sales. Reasons for increases and decreases were investigated and explained. A statement showing the cost of goods sold is supplied. The difference of cost of goods sold under the financial and cost accounting systems were analysed.

The last chapter is a summary in which conclusions are drawn and recommendations made.

STELLINGS.

1. Die waarde van verhoudingsanalise in bestuur en administrasie word dikwels uit die oog verloor en gevolglik nie in die praktyk benut nie, hoofsaaklik weens 'n gebrek aan voldoende kennis.
2. Genoegsame aandeelhoudersfondse moet beskikbaar wees om vaste bates en ook 'n deel van bedryfskapitaal te dek.
3. Die opstelling van begrotings in Plaaslike Besture behels die oorweging van die werklike inkomste en uitgawes gedurende die voorgaande boekjaar in die lig van huidige omstandighede, ten einde die begrotingsyfers vir die volgende boekjaar te finansieer. Dit is 'n basis van kontantbegroting wat nie alle aspekte van die werksaamhede dek nie.
4. In die praktyk word geen onderskeid tussen koste en uitgawes gemaak nie, alhoewel daar 'n groot verskil bestaan.
5. Uitvoerende beamptes van ondernemings beskik dikwels nie oor die nodige kennis om behoorlike finansiële state op te stel nie.

Stellings behorende tot die skripsie van L.J. Niemand ten behoewe van die viva voce eksamen, Magister Commercii.

BEKNOPTE OPSOMMING VAN DIE BALANSSTAAT
VAN ONDERNEMING A.

<u>1965.</u>	<u>LASTE.</u>	<u>1966.</u>
29,277	AANDEELHOUBERSBELANG (Aanhangsel E)	30,882
297	LANGTERMYNVERPLIGTINGE (Aanhangsel E)	16,051
<u>13,563</u>	BEDRYFSLASTE (Aanhangsel E)	<u>20,869</u>
<u>R43,137</u>		<u>R67,802</u>
<u>1965.</u>	<u>BATES.</u>	<u>1966.</u>
15,156	VASTE BATES (Aanhangsel E)	38,469
22,322	BEDRYFSBATES (Aanhangsel E)	23,674
127	OPRIGTINGSKOSTE	127
<u>5,532</u>	KLANDISIEWAARDE	<u>5,532</u>
<u>R43,137</u>		<u>R67,802</u>

Bron: Finale state van Onderneming A vir die jare geëindig
30 Junie 1965 en 1966.

BEDRYFSREKENING VAN ONDERNEMING A.

<u>1965.</u>		<u>1966.</u>
3,734	Beginvoorraad	5,913
<u>44,919</u>	Aankope en subkontrakte	<u>44,261</u>
48,653		50,174
<u>5,913</u>	Min: Eindvoorraad	<u>5,180</u>
42,740		44,994
<u>13,143</u>	Plus: Produktiewe lone	<u>16,594</u>
55,883	Koste van goedere verkoop	61,588
<u>18,842</u>	BRUTOWINS	<u>20,389</u>
<u>R74,725</u>		<u>R81,977</u>
78,765	Voltooide Kontrakte en Verkope	86,677
<u>12,100</u>	Plus: Werk in Voortgang (begin)	<u>7,400</u>
90,865		94,077
<u>16,140</u>	Min: Werk in Voortgang (einde)	<u>12,100</u>
<u>R74,725</u>		<u>R81,977</u>

Bron: Finale rekeninge van Onderneming A vir die jare
geëindig 30 Junie 1966 en 1967.

WINS EN VERLIESREKENING VAN
ONDERNEMING A.

<u>1965.</u>		<u>1966.</u>
<u>R18,842</u>	BRUTOWINS	<u>R20,389</u>
96	Min: Advertensie	115
229	Bankkoste	115
10,800	Direkteurssalarisse	7,200
600	Huur	280
131	Lisensie	158
	<u>ONDERHOUDSKOSTE:</u>	
1,247	Voertuie	4,602
267	Masjinerie	364
189	Ouditfooie	252
35	Pasfooie en Heffings	238
	<u>RENTE:</u>	
437	Oortrokke bank	428
-	Piet Retief en Kie	587
120	Mnr. X	120
26	Skryfbehoeftes en drukwerk	139
212	Telefoon	142
-	Verlies op verkoop van voertuig	334
	<u>VERSEKERING:</u>	
27	Werkloosheid	35
349	Ongevalle	330
159	Voertuie	439
54	Verversings	25
295	Water en ligte	340
-	Eiendomsbelasting	82
	<u>WAARDEVERMINDERING:</u>	
911	Voertuie	1,549
591	Masjinerie	709
<u>6</u>	Meubels	<u>11</u>
<u>2,011</u>	NETTOWINS	<u>1,795</u>
<u>R18,842</u>		<u>R20,389</u>

Bron: Finale rekeninge van Onderneming A.

VERDELINGSREKENING VAN
ONDERNEMING A.

Saldo 1 Julie 1965	4,030
Nettowins vir 1966	<u>1,795</u>
	5,825
Min: Voorsiening vir normale belasting	<u>628</u>
Saldo soos per Balansstaat	<u><u>R5,197</u></u>

Bron: Finale rekeninge van Onderneming A.

DETAIL BALANSSTAAT GEGEWENS.

<u>1965.</u>		<u>1966.</u>
	AANDEELHOUBERSBELANG:	
1,000	Uitgereikte en Opbetaalde Kapitaal	1,000
4,030	Verdelingsrekening	5,197
	DIREKTEURSLEENINGS:	
14,831	X	15,065
<u>9,416</u>	Y	<u>9,620</u>
<u>R29,277</u>	TOTAAL	<u>R30,882</u>
	LANGTERMYNLASTE	
-	Verband - Piet Retief en Kie	11,587
297	T.V.Z.-Motors	-
-	A.B.C.-Bank	968
-	X.L.Y.-Garare	1,831
-	Kontantbank	<u>1,665</u>
<u>R 297</u>	TOTAAL	<u>R16,051</u>
	BEDRYFSLASTE	
126	Diverse Krediteure	659
7,641	Handels Krediteure	13,402
792	Ontvanger van Inkomste	628
<u>5,004</u>	Oortrokke Bank	<u>6,180</u>
<u>R13,563</u>	TOTAAL	<u>R20,869</u>
	VASTE BATES	
4,000	Erf 24 Uraniaville met Verbeterings	23,979
3,941	Voertuie	7,995
7,098	Masjinerie	6,389
<u>117</u>	Meubels	<u>106</u>
<u>R15,156</u>	TOTAAL	<u>R38,469</u>
	BEDRYFSBATES	
5,913	Voorraad	5,180
12,100	Werk in Voortgang	7,400
4,288	Diverse Debiteure	11,063
<u>21</u>	Deposito - Water en ligte	<u>31</u>
<u>R22,322</u>		<u>R23,674</u>

Bron: Finale state van Onderneming A vir die jare geëindig 30 Junie 1965 en 1966.

	30 Junie		Veranderinge		Regstellings		Bedryfs Kapitaal		Fondse	
	1965	1966	Dt.	Kt.	Dt.	Kt.	Toe- name	Afname	Aans- wende	Bron.
<u>Bedryfsbates</u>										
Voorraad	5,913	5,180		733				733		
Werk in Voortgang	12,100	7,400		4,700				4,700		
Diverse Debiteurs	4,288	11,063	6,775				6,775			
Deposito - Water en Ligte	21	31	10				10			
<u>Vaste Bates</u>										
Grond en Geboue	4,000	23,979	19,979						19,979	
Motorvoertuie	3,941	7,995	4,054		(a) 1,549				5,937	
					(d) 334					
Masjinerie en Uitrusting	7,098	6,389		709	(b) 709					
Meubles en Toebehore	117	106		11	(c) 11					
Oprigtingskoste	127	127	-	-						
<u>Klandisiewaarde</u>	5,532	5,532								
	<u>43,137</u>	<u>67,802</u>								
<u>Bedryfslaste</u>										
Diverse Krediteure	126	659		533				533		
Handels Krediteure	7,641	13,402		5,761				5,761		
Ontvanger van Inkomste	792	628	164				164			
Oortrokke Bank	5,004	6,180		1,176				1,176		
<u>Langtermynlaste</u>										
Verband	-	11,587		11,587						11,587
T.V.Z. Motors	297		297						297	
A.B.C. Bank	-	968		968						968
X.L.Y. Garage	-	1,831		1,831						1,831
Kontant Bank	-	1,665		1,665						1,665

	30 Junie		Veranderinge		regstellings		Bedryfskapitaal		Fondse		
	1965	1966	Dt.	Kt.	Dt.	Kt.	Toename	Afname	Aange- wend.	Bron	
<u>Aandeehouersbelang</u>											
Kapitaal	1,000	1,000	-	-							
Direkteurslenings:											
X	14,831	15,065		234						234	
Y	9,416	9,620		204						204	
Verdelingsrekening	4,030	5,197		1,167	1,167						
	<u>43,137</u>	<u>67,802</u>	<u>31,279</u>	<u>31,279</u>							
Fondse voorsien deur wins vir die jaar							1,167			1,167	
<u>Waardevermindering:</u>											
Voertuie						(a)	1,549			1,549	
Masjinerie						(b)	709			709	
Meubels						(c)	11			11	
Verlies op verkoop van voertuig						(d)	334			334	
Fondse aangewend vir Netto vermindering in Bedryfskapitaal								5,954		5,954	
					3,770		3,770	12,903	12,903	26,213	26,213

Bron: Eie Waarneming.

OPSOMMING VAN VERHOUDINGS EN INTERPRETASIES.

Toets vir	Aangedui deur	Toetse aangewend
1. <u>Finansiële Stabi- liteit:</u>		
(a) Langtermyn	Genoegsaamheid van Eienaarsfondse	Eienaarsverhouding
(b) Korttermyn	Genoegsaamheid van Bedryfskapitaal	Bedryfsverhouding
(c) Graad van Solvensie	Vermoë om onmiddelik bedryfsverpligtinge na te kom	Likiede-verhouding
2. <u>Finansiële Be- stuur</u>		
(a) Oorbedryf	Tekort aan Bedryfskapitaal Lae of dalende Bedryfsverhouding Lae eienaarsverhouding	Bedryfsverhouding Voorraadomset Verkope tot eienaars fondse Eienaarsverhouding
(b) Te hoë be- legging in voorraad	Lae Voorraad - omset, Lae Likiede- verhouding Oormaat van voorraad onder bedryfsbates	Voorraad - omset Likiede-verhouding Bedryfskapitaal tot voorraad
(c) Te hoë be- legging in Uitstaande Boekskulde	Stadige invordering Oormaat van debiteure en wissels in bedryfsbates.	Debiteure omset Bedryfskapitaal tot uitstaande skulde

(d) Te hoë belegging in Vaste Bates	Oormaat van nie-produktiewe Vaste Bates	Eienaarsfondse tot Vaste Bates
(e) Onderkapitalisasie	Onvoldoende Kapitaal, Lae Eienaars - en Bedryfsverhoudings Hoë verdienste per aandeel Hoë verdieningskaal van Eienaarsfondse.	Bedryfsverhouding Eienaarsverhouding Eienaarsfondse tot eksterne verpligtinge
(f) Oorkapitalisasie	Hoë eienaarsverhouding Lae verdienste per aandeel Lae verdieningskaal van Eienaarsfondse Te veel kapitaal belê in on-produktiewe Vaste Bates	Eienaarsverhouding Nettowins tot Eienaarsfondse
3. <u>Wins verdieningskapasiteit</u>	Vergoeding op kapitaal geïnvesteer	Nettowinste tot geïnvesteerde kapitaal Netto wins tot verkope


Bron: R.K. YORSTON, E.B. SMYTH en S.R. BROWN, (-Advanced accounting-, The Law Book Co. of Australasia, Australia, Volume 3, p.139).

OPSOMMING VAN VERHOUDINGS.

<u>Verhouding.</u>	<u>1965</u>	<u>1966</u>
a. Bedryfskapitaal	1.7	1.1
(i) Verkope per dag	R216	R237
(ii) Gemiddelde invorderingstermyn	20 dae	46 dae
b. Likiede	.62	.75
c. Bedryfslaste tot aandeelhoudersbe- lang	46.5%	67.8%
d. Totale laste tot aandeelhoudersbe- lang	47.5%	120%
e. Langtermynlaste tot bedryfskapi- taal	3%	572%
f. Vaste bates tot aandeelhouders- belang	71%	143%
g. Nettoverkope tot voorraad	4.4	6.9
h. Voorraad tot bedryfskapitaal	210%	450%
i. Nettoverkope tot aandeelhouders- belang	2.7	2.8
j. Nettoverkope tot bedryfskapi- taal	9.0	30.9
k. Brutowins	23.9%	23.5%
l. Nettowins	2.5%	2.1%
m. Voorraad - omset	61.86 dae	45.34 dae
n. Vergoeding op totale fondse	5.36%	2.89%
o. Vergoeding op eienaarsfondse	7.41%	6.20%

Bron: Eie waarneming.

KOSTE, MEERVERBRUIK EN VERSPILLINGS.



BRON: H.J. SWANEPOEL, - Die toedeling van koste na die omvang van die produksie-, Potchefstroom 1965.

STAAT VAN KOSTE VAN GOEDERE VERKOOP.

	<u>1965.</u>	<u>1966.</u>
Werk in voortgang (begin)		
Materiaal)		
Arbeid)	16,140	12,100
Bokoste)		
Materiaal verbruik:		
Beginvoorraad	3,734	5,913
Aankope	<u>44,919</u>	<u>44,261</u>
	48,653	50,174
Min: Eindvoorraad	<u>5,913</u>	5,180
Materiaal verbruik	42,740	44,994
<u>Direkte arbeid:</u>		
Produktiewe lone	13,143	16,594
Pasfooje en Heffings	<u>85</u>	<u>238</u>
Totale direkte arbeid	13,228	16,832
Bokoste (sien Aanghangsel L)	<u>10,699</u>	<u>13,739</u>
	82,807	87,665
Min: Werk in voortgang (einde)		
Materiaal)		
Arbeid)	12,100	7,400
Bokoste)		
Koste van goedere verkoop	<u><u>70,707</u></u>	<u><u>80,265</u></u>

Bron: Eie waarneming.

BEKNOPTE STAAT VAN INKOMSTE.

	<u>1965.</u>	<u>1966.</u>
Nettoverkoop	78,765	86,677
Min: Koste van goedere verkoop (Aanhang- sel J)	<u>70,707</u>	<u>80,265</u>
Brutowins	<u>8,058</u>	<u>6,412</u>
Verkoops- en administra- tiewe koste (Aanhangsel M)	5,575	3,891
Ander koste (Aanhangsel N)	<u>472</u>	<u>6,047</u> <u>726</u> <u>4,617</u>
Nettowins	2,011	1,795

Bron: Eie waarneming.

SKEDULE VAN VERVAARDIGINGS-
EN OPRIGTINGSBOKOSTE.

ITEM.	1965.	1966.
Direkteurssalarisse - Toesighoudend	5,400	3,600
Huur	600	280
Lisensie	131	158
<u>Onderhoudskoste:</u>		
Motorvoertuie	1,247	4,602
Masjinerie en Uitrusting	267	364
<u>Rente:</u>		
Oortrokke Bank	437	428
Piet Retief en Kie	-	587
Mnr. X	120	120
Telefoon	159	105
<u>Versekering:</u>		
Werkloosheid	27	35
Ongevalle	349	330
Voertuie	159	439
Water en Ligte	295	340
Eiendomsbelasting	-	82
<u>Waardevermindering:</u>		
Voertuie	911	1,549
Masjinerie en toebehore	591	709
Meubels en Uitrusting	6	11
Totaal	10,699	13,739

Bron: Eie waarneming.

SKEDULE VAN VERKOOPS- EN
ADMINISTRATIEWE KOSTE.

<u>ITEM.</u>	<u>1965.</u>	<u>1966.</u>
Advertensiekoste	96	115
Direkteurssalarisse	5,400	3,600
Telefoon	53	37
Skryfbehoeftes en drukwerk	26	139
	<u>5,575</u>	<u>3,891</u>

Bron: Eie waernaeming.

SKEDULE VAN KOSTE ANDERS AS VERKOOPS-
EN ADMINISTRATIEWE KOSTE.

<u>ITEM.</u>	<u>1965.</u>	<u>1966.</u>
Bankkoste	229	115
Ouditfooie	189	252
Verlies op verkoop van voertuig	-	334
Verversings	54	25
	<u>472</u>	<u>726</u>

Bron: Eie waarneming.

BIBLIOGRAFIE.AANGEHAALDE :

- BATTY, J. : Management accounting, Tweede druk, MacDonal and Evans, London, 1965.
- CILLIERS, J.A. : Inleiding tot ontleding en vertolking van finansiële state, Van Schaik's Boekhandel, Pretoria, 1965.
- DOBSON, R.W. : An introduction to cost accountancy, Deel II, Gee Co., London, 1954.
- ELS, J.H. : The application of standard costs in certain south african industries, Potchefstroom, 1963.
- FOULKE, R.A. : Practical financial statement analysis, Kogakusha, Tokio, 1961.
- GUTHMANN, H.G. : Analysis of financial statements, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1964.
- HONGREN, C.T. : Accounting for management control : an introduction, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1965.
- KILGER, W. : Der Theoretische aufbau der kostenkontrolle : zeitschrift für betriebswirtschaft, 1959.
- MYER, J.N. : Financial statement analysis, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1963.
- NEUNER, J.J.W. en FRUMER, S. : Cost accounting principles and practice, R.D. Irwin, Illinois, 1967.
- NICKERSON, C.B. : Managerial cost accounting and analysis, McGraw Hill, Inc., 1962.
- SORGDRAGER, A.J.E. : Kosprysberekening en tegniek, Nasou Beperk, Kaapstad, 1967.
- SORGDRAGER, A.J.E. en VILJOEN, F.P. : Leerboek van die moderne kosprysadministrasie, Deel I en II, Ajax, Potchefstroom, 1962.
- SWANEPOEL, H.J. : Die toedeling van koste, na die omvang van die produksie, Potchefstroom, 1965.

- TUCKER, S.A. : The break-even system : a tool for profit planning, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1965.
- WESSEL, R.H. : Principles of financial analysis, MacMillan Co., New York, 1961.
- YORSTEN, R.K.,
SMYTH, E.B. en
BROWN, S.R. : Advanced accounting, Volume III, The law book company of australasia, Australia, 1950.
- GERAADPLEEGDE :
- ELS, J.H. : Die bepaling van die wins- en verlieskruispunt van die mielieopberging by koöperasies met spesiale verwysing na die sentraal-westelike koöperatiewe maatskappy beperk, Potchefstroom, 1959.
- INSTITUTE OF COST
AND WORKS ACCOUNTANTS. : Cost accounting terminology, South african council, Pretoria, 1960.
- MATZ, A., CURRY, O.J.
en FRANK, G.W. : Cost accounting, Ohio, 1952.
- MEIJ, J.L. : Leerboek der bedryfseconomie Deel I, Den Haag, 1949.
- SORGDRAGER, A.J.E. : Die angel-saksiese invloed op die kosteberekeningsdenke in suid-afrika, Die veteraan, Deel XXVII, Nr. 2, 1962.
- The particularization of indirect cost in modern costing administration, Ajax, Potchefstroom, 1964.
- TUCKER, S.A. : Successful managerial control by ratio-analysis, McGraw-Hill Co., New York, 1961.
- TUNSTALL, F.C.,
GREENWOOD, H., en
GRUSD, N. : Advanced accounting, Juta Co., Kaapstad, 1960.